Verder wil ek u ook daarop attent maak dat met die beplanning van die behoeftes aan veeartse dit ewe-eens noodsaak is om die vraag te stel of veeartse in die jaar 1985 of selfs 2000 steeds bereid sal wees om die soms onmenslike lang ure wat sommige van u wat hier sit, van dag tot dag moes vermag, te handhaaf. Ek glo nie, selfs nie teen enige prys nie. Let maar gerus na wat in die mediese wêreld gebeur het. Derhalwe is dit logies dat hierdie aspek, sowel as die feminisasie-sindroom wat die professie ondergaan, in berekening gebring word.

Ek wil saamvat deur te beklemtoon dat die SAVV ruim vyf jaar gelede 'n omvattende ondersoek na mannekragbehoeftes van die veeartsprofessie geloods het en tot die slotsom geraak het dat ons op 'n tekort aan veeartse afstuur. Met die veranderende tye en probleme wat ons mee te kampe het, sal die behoefte dalk nie so liniêr toeneem as wat verwag is nie en is selfs 'n tydelike insinking moontlik. Sou daar egter met alle erns aan die knelpunte, soos uitgewys, gewerk kan word, bestaan daar by my geen twyfel dat die syfers, soos deur die SAVV beskikbaar gestel, aan die konserwatiewe kant is, om die minste te sê.

HISTORICAL **GESKIEDKUNDIG**

THE SOUTH AFRICAN VETERINARY ASSOCIATION: GLIMPSES FROM 75 YEARS OF SERVICE TO VETERINARY SCIENCE

R.I. COUBROUGH

ABSTRACT: Coubrough R.I. **The South African Veterinary Association: Glimpses from 75 years of service to veterinary science.** *Journal of the South African Veterinary Association* (1978) **49** No. 4 283-286 (En) Faculty of Vet. Science, P.O. Box 12580, 0110 Onderstepoort, Rep. of South Africa.

The South African Veterinary Association originated with the formation of the Transvaal Veterinary Medical Association in 1903. The amalgamation of the three existing provincial associations under a joint constitution in 1920 formed a body representing the veterinary profession in the whole of South Africa.

Throughout the past 75 years the SAVA has served as representative for the diversity of interests of the profession. The aims and major contributions of the Association, past and present, as well as the challenges of the future, are outlined.

In the lifespan of any Association 75 years is a long time. It is a milestone of achievement in the history of a profession which has shown a dogged determination to acquire and maintain the dignity and status that become an honourable profession. For the high ideals to which the South African Veterinary Association was committed so many years ago have not altered in principle. We still aim to promote, improve, support and protect the interests and status of the veterinary profession. We still concern ourselves intimately with the laws that govern our professional activities, and advise and work with the relevant authorities to this end to ensure that these laws keep up with the demands of modern times. We have always had, and rightly so, a deep and sincere interest in the education and training of veterinarians, and all those others who constitute the members of the veterinary team. This is a right we will retain, for we have a decided vested interest in the product of this pedagogy. We are in manifold ways intimately involved, and thus the moulding of these young professional lives during their formative years is a responsibility from which we cannot divorce ourselves. Continuing education is an ongoing concern of ours as reflected in the congresses, symposia and short courses we arrange, and the journal which we publish.

We have committed ourselves to the promotion of our profession, both amongst our own ranks, as well as outside, by active extension work and public relations involvement. The aims and objects originally set out at the inception of our Association have thus in principle remained unchanged, but in withstanding the test of time have demonstrated the flexibility that has been necessary to adapt to the demands of a dynamic changing and growing profession in which the spectrum of veterinary activity has widened considerably to cover the highly diversified avenues of employment that are available to veterinarians today.

Our Association had its beginning in the formation of the Transvaal Veterinary Medical Association in 1903. Two years later in 1905, the Cape of Good Hope Veterinary Medical Society came into being, followed some time afterwards in 1909 by the Natal Veterinary Medical Association. There was always an excellent liaison and rapport between these three Associations who on several occasions attempted to persuade their veterinary colleagues in the Orange Free State to form an Association. This never came into being, however, because of the relatively few veterinarians present in the OFS at that time, most of whom joined the Transvaal Veterinary Medical Association.

One of the major issues concerning the profession in these early days was the protection of the status and professional interests of veterinarians in the absence of a Veterinary Surgeons Act in South Africa. Attempts had been made, within each Province before Union, and thereafter as a combined effort by all three Associations, virtually on an annual basis, to get a Veterinary Act passed through Parliament. For a time the veterinarians in Natal had been included in the Medical Ordinance related to medical practice, which afforded them this protection, but with subsequent amendment of this Ordinance this right was to pass, and they too joined the combined efforts of the Cape and Transvaal Associations.

The matter was brought to a head when an Ordinance of the Transvaal Administrator (No 259/1917) stated that "Veterinary Surgeon shall mean and include the Government Veterinary Surgeon, or Inspector of Stock in those towns where such an officer has been appointed, or if no such appointment has been made, the Magistrate". Forty five members of the Transvaal Veterinary Medical Association, led by Col. Irvine-Smith, protested in no uncertain manner against this Ordinance, with the immediate result that the Ordinance was repealed. It seems strange that all these years later, the shortage of veterinarians in the service of the State should necessitate the use of Stock Inspectors to do essentially veterinary work if the functions of the State service are to proceed, and that this principle should now be acceptable to the profession. Have we lost the zeal, interest and determination to fight for what is ours?

The implications of the 1917 Ordinance was the stimulus that was needed to bring the three Provincial Veterinary Associations together, in a concerted drive to get the Veterinary Surgeons Bill through Parliament. A pooling of funds was required to offset the expenses involved, as well as to whittle down strong agricultural opposition to the proposed bill. In 1919 the Transvaal Veterinary Medical Association took the major initia-

tive to revise its constitution to include the other Associations. Of the total of 95 veterinarians in Government Service and private practice in the Union of South Africa and neighbouring protectorates, 51 were members of the Transvaal Veterinary Medical Association. The inaugural meeting of the South African Veterinary Association took place on the 1st April 1920, and the new Association started with 79 (83%) members. At the time of the Association's Golden Jubilee the membership was 350, while this year our membership is close to 900.

The plea went out to Government to consult the Profession through its Association in all things concerning the Profession, and to take the Profession into its confidence. For in doing so there was everything to gain and nothing to lose. At the inaugural meeting considerable debate centred on the name of the Association, the South African Veterinary Association. Many felt that the word "Medical" should be included in the name, since its inclusion would increase the status of the Profession within the eyes of the public, as well as in the eyes of the Public Service Commission which addressed veterinarians as technical officers. For the first two years of the Association's lifespan this debate ran on, until in 1922 the name was changed to the South African Veterinary Medical Association. In 1971 the Profession felt it could once more stand on its own merits and the name of the Association was changed back to the South African Veterinary Association.

The question of the Veterinary Surgeons Bill remained a top priority of the new Association, and considerable effort was concentrated into promoting the bill. But year after year passed, and for one reason or another, and for one excuse and another, the bill was not enacted. Then in 1933 the great day arrived and the Veterinary Act No 16 of 1933 was passed through Parliament, and a major step in the recognition of the professional interests and status of the veterinarian had been realised. Some thirty years had elapsed since initial attempts in this regard had been set in motion. Now, 45 years and several amendments later, our Association is again involved in the updating and remodelling of the Veterinary Act of 1933.

In writing about the profession a year or two before the original Veterinary Act was passed Dr H.H. Curson quoted these lines from a poem by Henley:

"It matters not how strait the gait
How charged with punishments the scroll
I am the master of my fate
I am the captain of my soul."

These were lines that struck him as significant after the long and hard struggle coupled with the frustrations incurred in attempting to have the Veterinary Act passed. These were the lines which evoked the indictment that there had at times been a lack of enthusiasm, an absence of initiative. There had even been a suggestion of timidity in this regard on the part of senior members and leaders of the profession to put the case forcefully enough and with the necessary courage of conviction. He inferred that every member of the Association should make the affairs of the South African Veterinary Association a very personal matter. That we each and everyone of us have a binding duty and a commitment to the Association, and that in the interests of the progress of our profession we must be prepared to carry out that duty to the full, on committees, on Council, or just as active members who participate and lend encouragement to the endeavours of our Association. As these sentiments had significance then, even so do they apply now.

In 1922 the opinion was expressed that the under evaluation of Scientific Veterinary work which existed amongst the Administrative Officers of the Public Service was most unfortunate, for it was leading to a deterioration in efficiency which was reflected in the agricultural industry generally. As early as 1924 a diversity of avenues of veterinary employment was recognised, and it was stated that veterinarians were not merely healers of animals. Preventive medicine in these early days took on the form of disease prevention. The immense problems of eradication and control of rampant diseases like rinderpest, pleuropneumonia, nagana and East Coast Fever, were tackled with a great determination and devotion to duty which has never really received full recognition. While it seems that the handicap of our small numbers and the continued limitations on the resources made available to us to do what should be done in the interests of the animal industry are a repetition of our professions history, as a profession we can look back on the achievements of the past 75 years with some considerable degree of pride. The significance of the successes becomes even greater when we consider that the majority of conditions that have been brought under control were peculiar to the African continent, and thus our predecessors did not have the advantage of following techniques and methods applied elsewhere. They had to use their own ingenuity, initiative, resources and professional competence and experience to devise appropriate ways to combat and control each new disease and problem. The preventive medicine techniques of yesteryear used in the control of infectious diseases and the problems encountered with the numerous toxic plants found throughout the country, have of necessity changed with the passage of time: farming methods have changed to meet the demands of production; intensification of production methods has led to a greater animal concentration with concomitant problems. Infertility; calfhood diseases; mastitis; erosion by diseases like Tuberculosis and Brucellosis, despite stout efforts by all involved, still remain to be brought to heel.

The changing ratio of veterinarians in State service to those in private practice started to alter dramatically shortly after the war, and by 1955 was 190:160. While there has been no significant upward change in the number of State Veterinarians, the numbers of veterinarians employed in the many diversified fields of the private sector has increased manifoldly. As early as 1917 the plea went out for the use of private practitioners to augment the static or dwindling numbers of State Veterinarians, so representatations in this respect today are nothing new. Resistence to this move may have become tradition; for surely the interests of that which is veterinary, and is now in danger of slipping into lay hands, can be protected by building on the positive sides of this augmentation rather than blocking with the negative.

Remuneration of veterinarians has always been a factor of great concern to the Association. The salaries offered in lecturing, municipal and State service posts have never been in keeping with the standing and dignity of our profession. Since 1957 when a locum was offered as little as R6 per day, the private sector has given a most positive lead in bringing the salaries of veterin-

arians close to something worthy of the devotion and effort of this profession. So far, however, the State has not been adequately persuaded, but as in the past it will remain a function and duty of the Association to ceaselessly continue with negotiations in this regard. For the money spent on veterinarians in controlling disease and promotion production in this country is insignificant when compared to the substantial benefits that have accrued. It will indeed be unfortunate and intolerable if the devotion to duty and innate desire to serve the interests of animal and community health continues to be exploited.

As the profession has grown so have the problems affecting our general and individual welfare escalated. Resolution of this situation depends on adequate and functional channels of communication between the mother body and the various branches and groups of the Association which have been formed with our growth over the years. Initially correspondence between regional secretaries, co-ordinating local opinion and comment, and the secretary of the mother body was the only active means of communication. This grew in the early 1950's with the distribution of circulars, initially containing only advertisements for posts vacant, and forthcoming congress information, but later including items of news and comment on pertinent issues such as the controversy surrounding Faculty appointments in 1956. In 1961 the first full-time secretary was appointed to the Association, and this brought a more adequate basis of communication to members by means of a regular newletter. In 1975 the idea of a full-time Director was accepted by the Annual General Meeting, and early in 1976 our first Director was appointed. The significance of this step in promoting communication throughout each facet of activity of the mother body, Branch or Group of our Association can be measured by the greater liaison we enjoy and the extended areas of service which have become available to each member. Regular monthly newsletters carry a wide range of information, bringing each member into more intimate contact with the affairs of the Association. In 1927 the first issue of our Journal appeared. Since that time this official publication of the Association has served a very important rôle in communication, and enjoys a high scientific reputation both locally and internationally. The stirling work and mammoth effort that has gone into, and continues to go into this all important publication, is perhaps never really appreciated by those of us who just receive our quarterly issue of the journal.

At the time when the three provincial Associations came together in 1920 to form one, another very significant event was taking place, namely the founding of the first Veterinary Faculty in this country. This was a matter of the utmost concern to the Association, and our concern for and interest in the education and training of veterinary students has continued every since. Our aim has been to promote and support anything necessary to further the cause of veterinary training. The call for the training of more veterinary students came from this Association; the call for the training of veterinary nurses came from this Association, and the realisation of this ideal was reached recently with the qualification of the first class of "home" trained veterinary nurses. Our concern for the urgency needed to implement the training of non-white veterinarians has been conveyed to the relevant authorities. This is a matter of top priority for reasons both national and international. The Association has always tried, and will always endeavour in an arena that too easily fills with emotionalism, to be totally objective and rational so that the interests of the veterinary profession will be best served and thereby the interests of our country.

An interesting facet of our development over the last three quarters of a century has centred around the debate concerning the use of the courtesy title "Doctor" by veterinarians. A proposal to this effect was received from a colleague N.F. Viljoen from the OFS in 1935. A referendum was conducted, but since the outcome was more or less equal the matter was deferred for further consideration. The issue was again taken up by Dr J. Boswell in 1942, when it was decided to hold another referendum after circularising all members with the pros and cons of this step. While support for the use of a courtesy title was growing it was by no means a cut and dried issue, and opposition was still active. It was not until the end of 1945 that the use of the courtesy title was accepted and the Secretary of Agriculture was informed accordingly by the Association.

The diversification of the Veterinary Profession over the last 75 years has been reflected in the growth of the Association, the establishment of regional Branches and specific interest Groups. Because of our involvement in so many different spheres, our responsibilities in promoting and maintaining the veterinary image have consequently increased. For, while the interests and activities of each sphere of our Association (and profession) may well be specific, in the eyes of the public they reflect on the profession as a whole. Hence the "limelight" scatter has broadened considerably. Similarly what we as an Association do for a specific Branch or Group will certainly be of specific benefit to that branch or Group but in the long term will benefit the overall image of the profession we serve, and is therefore of concern to us all. Every veterinarian in whatever capacity he/she functions is an asset to this country. For as Dr Curson pointed out, despite the fact that we are a small profession, and therefore may not influence the ballot box, no other profession apart from mining engineering, has done more or been more directly responsible for shaping the destiny of this country, than the Veterinary Profession.

These achievements are something that we as a Profession, and an Association, can look back on with a measure of pride. While it will be all to easy to be complacent and sit back and rest on the laurels of those who have gone before us, we have inherited a responsibility to prove we can build on these solid foundations, and that we can continue to maintain veterinary influence in the growth of this country. The contribution of members of the Association in their various capacities in veterinary research, veterinary field services, veterinary teaching and veterinary practice as well as the many new fields we have entered in more recent times has made, and continues to play an important role. The Association must remain vital and sensitive to the requirements of all these areas so that we may be ready at all times to play our part in the promotion of the veterinary profession.

The shortage of veterinary manpower has meant that there have been many things that until now we as a profession have just not been able to entertain. The imminent increase in the numbers of veterinarians that will be available soon, will call for optimal vision, a positive

directive and projection so as to use this long awaited gain to the best advantage of the profession and thereby in the best interests of solving the veterinary problems of this country. This is perhaps the greatest challenge our profession and this Association has had to face. For there are those who sit and wait for the increased numbers in the smug hope that by sheer force of circumstances our cries for the recognition forthcoming to the standing and dignity of our honourable profession will have to cease.

We must not allow the increased numbers to dilute our dignity, to water down our standing or lower our professional competency and responsibility. Rather, they must be used to open up a new era, and expand veterinary function in all those areas where until now we have not functioned optimally or not functioned at all. We must move into an era of veterinary specialisation and internal competition which will set even higher demands and standards, and which have hitherto not always been feasible. We must continue to move up onto a two tier system with the rôle of specialists adding weight to our overall efforts in pursuing the rightful recognition we deserve and have earned in our pivotal position in animal production and community health, ensuring that this is coupled to adequate compensation in terms of job-satisfaction and monetary reward.

If we reflect on the positive achievements of the South African Veterinary Association over the past 75 years, despite often insurmountable odds, and despite the frustrations of protracted time lags, then the future augers well. Through the noble aims and objects to which our Association was committted, we can build on these positive achievements of the past by continuing to be objective in our service to the veterinary profession, as well as those whom we serve. As the mouthpiece of the profession the Association has a major responsibility. Each and every member has a share in that responsibility. By accepting this challenge and acting whenever and wherever the needs of the Profession demand, led by total conviction and belief in the cause we serve, tempered with the necessary discretion, objectivity and wisdom, we can follow in the footsteps of those who have taken our Association through a most colourful and rewarding 75 years.

VAN DIE REDAKSIE

EDITORIAL

ONS TYDSKRIF: VERLEDE, HEDE EN TOEKOMS

In lyn met die algemene gees van ons Vereniging se 75ste bestaansviering en met ingang van ons Tydskrif se tweede halfeeu, is 'n historiese oorsig en besinning oor die blad nie onvanpas nie. Vanselfsprekend is die ontstaan van die Tydskryf die onderwerp van redaksionele kommentaar in die eerste uitgawe. Met elke verandering in formaat of voorkoms, te wete in 1964 (Vol. 35), in 1974 (Vol. 45) en in 1977 (Vol. 48), asook met die naamsverandering in 1972 (Vol. 43), verskyn 'n redaksionele aankondiging, gewoonlik met 'n paar woorde oor redaksionele beleid. Hierdie beleid is breedvoerig uiteengesit in 1971 (Vol. 42 No. 2) en die spesifieke probleem van skryfskuheid is in die derde uitgawe van Volume 34 (1963) aangestip. Vergelyk ons wat aldaar gesê is met die huidige stand van sake, dan blyk dit dat ons nie 'n eenmalige "oplossing" van probleme moet soek nie, maar na bestendige en doelgerigte strewe na verbetering, wat as nimmereindigend aanvaar moet word.

Die Tydskrif, offisiële mondstuk van die SAVV, het in Augustus 1927 die eerste keer verskyn, nie in 1928 soos per abuis in Vol. 35 No. 1 vermeld nie, en wel onder redaksie van G. de Kock, A.C. Kirkpatrick en A. Goodall. Die eerste vier nommers van Volume 1 het jaarliks verskyn. Volume 2 het uit twee nommers bestaan en is halfjaarliks in 1931 uitgegee. Vanaf Volume 3 (1932) het vier nommers per jaar verskyn, soos vandag nog die geval is. 'n Maandelikse uitgawe is al dikwels oorweeg, maar onkoste en veral arbeid is as belemmerings gesien.

Die naam van die Tydskrif is steeds direk aan dié van die Vereniging gekoppel: aanvanklik bekend as „The Journal of the South African Veterinary Medical Association", kry die Tydskrif se naam, asook die aanduiding van volume, nommer, datum en redaksie op die vooromslag vanaf Junie 1956 sy tweetalige beslag. Die bepaalde lidwoord "Die/The" verdwyn vanaf aanvang 1964 (Vol. 35) stil-stil uit die titel, wat met die naamsverandering van die Vereniging vanaf aanvang 1972 (Vol. 43) na "Journal of the South African Veterinary Association/Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging" gewysig is.

Die eerste vier-en-dertig volumes het in 245 x 150 mm formaat verskyn, met slegs die naam, die volume- en uitgawenommer, die datum en die wapen van die Vereniging in swart op die voorblad, aanvanklik ook die name van die redaksielede. In weerspieëling van die teruggetrokke en konserwatiewe aard van ons beroepslui, was die omslag 'n onopvallende dowwe lig- of donkergrys, soms ook lig of donkerbruin; slegs Volumes 31 tot en met 34 het in 'n helderder kleur, oranje, verskyn. Die oorspronklike gemiddelde van 50 tot 60 bladsye per uitgawe het in die vyftigerjare geleidelik begin toeneem met 'n stygende tempo in die jare sestig na 'n gemiddelde van amper 150 bladsye. Dit was voorwaar 'n bloeiperiode. Die formaat is vanaf 1964 (Vol. 35) na 245 x 185 mm vergroot, nog steeds baie handig, met dubbelkolomdrukwerk. Die omslag is sierliker gemaak, nie sonder protes van etlike lede nie, en die kwaliteit daarvan en van die papier stapsgewyse verbeter. Hoofsaaklik die kwessie van koste, maar ook die algemene neiging tot eenvormigheid, het omskakeling na die huidige A4-formaat genoodsaak. Hanteerbaarheid is ingeboet. Die omslag is gewysig. Terwille van vinnige bepaling van die inhoud deur die tydgeknelde leser, verskyn die inhoudsopgawe op die voorblad – 'n voorstel van dr. J.H. Mason afkomstig. Die wapen verskyn nou in kleur. Na 'n periode van meer flambojante proefneming op advies van die destydse drukkers, is die huidige, steeds fleurige, maar meer besadigde en netjiese voorkoms aanvaar. Hopelik sal dit byval vind. Die finansiële implikasie van terugkeer na die platrugmetode van inbind, maar van groter duursaamheid, word ondersoek. In die aangesig van fenomenaal stygende drukkoste is die totale omvang van drukwerk min of meer staties gehou, deels deur die wegkanaliseer van meer huishoudelike verenigingsnuus na omsendbriewe (sien hieronder). Na rowwe skatting het die literariese produktiwiteit met inagname van die groei in mannetal van die professie naastenby konstant gebly. Oor die afgelope twee jaar is daar wel 'n afname te bespeur. Soos verderaan sal blyk, word pogings aangewend om dit te stimuleer.

Vergelyk 'n mens die uitleg en tipografie van die blad, toe en nou, dan blyk dit dat die Redaksie tred probeer hou het met moderne tendense en dat daar 'n duidelike poging was en is om aan internasionale standaarde te voldoen: ons blad dra dan ook sy eie internasionale klassifiserende en identifiserende nommer. Die basiese uitgangspunt bly egter om die blad vir die leser aanvaarbaarder en leesbaarder te maak, ten spyte van uiteenlopende smake. Die kieskeurige kenner sal ook terugverlang na die sierliker druktipes van ouds. Sommige onhebbelikhede is die resultaat van minder geslaagde proefnemings, sommige die gevolg van beperkte beskikbaarheid van lettertipes of kombinasies daarvan, dit meesal as gevolg van ekonomiese oorwegings, anderes weer die uitspruitsel van drukkersgrille wat te veel deur die advertensiewese beïnvloed was en nie betyds gekeer kon word nie, of wat per abuis onder tyddruk oor die hoof gesien is. Laasgenoemde geld veral dié voorbeelde van gebrek aan eenvormigheid van tipografiese uitleg van ooreenstemmende items. Noue samewerking met en basiese kennis van die drukkersbedryf is nodig, ten einde verwarring en tydverspillende en dus duur misverstande uit die weg te ruim. Dié bedryf het revolusionêr verander en is vandag eers hoogs gesofistikeer en gespesialiseer, hoofsaaklik vanweë die invoer van fotografiese kompersetwerk en vlakdrukmetodes: settery en drukkery is aparte bedrywe. Maar die lettersetter van ouds, met sy fyn kennis van tipografiese taalgebruik – en sy toestand van chroniese loodvergiftiging – is nie meer met ons nie. Hy is vandag 'n vinnigwerkende outomaat, 'n knap, hoogsbesoldigde komperbediener, wat nie eers die taal hoef te ken wat hy set nie. Dit werp die verantwoordelikheid op outeur en redakteur, om kopie, pynlik korrek tot in die puntjies, te lewer. As gevolg van oorlegpleging met

setters en drukkers hoop die Redaksie om oorblywende ongerymdhede spoedig uit die weg te ruim.

Die verpligte navolging van die „Système International" (SI) van die metrieke stelsel bring mee dat outeurs hulle met hierdie stelsel vertroud moet maak sover dit die mate betref wat hulle gebruik. Onlangse evaluering van die Tydskrif deur die Buro vir Standaarde het sekere foutiewe gebruike in die verband aan die lig gebring. Die belangrikste was dat hoeveelhede en maattipe deur 'n spasie geskei moes word, bv. 10°C en nie 10°C nie, so ook 80 %; 100 gm. Lesers sal gewoond moet raak aan a vir jaar/jare, d vir dag/dae en h vir uur/ure (maar Dag 1, Dag 2, ens.).

Informele oorleg met binne- en buitelandse redakteurs onder beskerming van die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie sal teen die tyd dat hierdie stuk in druk verskyn, bepaal het in hoeverre u Redaksie na vele proefnemings en bittere ervaring daarin geslaag het om 'n aanvaarbare vorm vir literatuuropgawes te verwesenlik.

Al hierdie ontwikkelings bring mee dat 'n nuwe handleiding vir bydraers tot die blad opgestel sal moet word.

Ter wille van geskiedkundige boekstawing en van beter begrip by ons lede, word een en ander omtrent die redaksiepersoneel vermeld. Die Redaksiekomitee het altyd, en sal in die afsienbare toekoms, uit kollega's bestaan wat deur die Raad benoem word, outodidakte wat deur harde ervaring maar self die kuns moes aanleer, lang ure êrens uit 'n besige bestaan moes afknyp om teen hoë tyddruk geduldmergelende, vitterigheidvereisende take uit te voer, terwille van die liefde vir die saak, met vrywillige hulp van 'n gewillige eggenote of assistent hier en daar. Al die jare was dit maar 'n soort lukraak, gryp-soos-jy-kan metodiek. Elke uitgawe is dan ook met 'n effens verbaasde gevoel van dit-het-sowaar-tog-reggekom begroet, getemper deur wroeging oor al die foute wat, ten spyte van alle voorsorg, tog deurgeglip het. Die betreklik onlangs ingestelde honorarium word as erkentlikheidsgebaar met waardering aanvaar.

Die getal redaksielede het na die eerste nommer van drie na vier gestyg, vanaf 1932 na vyf en vanaf September 1952 na ses. Vanaf September 1957 verminder die getal weer na vier, maar styg weer geleidelik, met kortstondige verminderings tussenin, vanaf Desember 1961 tot die huidige getal van nege. Vanaf aanvang 1974 neem 'n verteenwoordiger van die Finansieskomitee ook sitting op die Redaksie. 'n Paar name kan hier uitgelig word. Die Direkteur van Veeartsenydiens, eers P.J. du Toit van 1931 tot sy aftrede in 1948, toe G. de Kock, opgevolg deur J.I. Quin, het op die Redaksiekomitee gedien, 'n mens kan aanneem meer in adviserende hoedanigheid. Persone wat jare diens gelewer het, afgesien van die jare van redakteurskap wat tussen hakies agter hulle name aangegee word, is A.D. Thomas (1932-1936), C. Jackson (1936-1937), M. Sterne (1937-1942), E.M. Robinson (1942-1947; 1951-1958), R. Clark (1947-1951; 1959; 1965; 1967-1970), L.W. van den Heever, op die redaksie sinds 1952 en Redakteur 1975-1978, en die huidige Redakteur (lid van die Redaksie sinds 1950 en voorheen Redakteur 1959-1961; 1970-1975). Daarbenewens moet ook die name genoem word van manne soos J.H. Mason, M.H.V. Brown, H.P. Steyn, G.C. van Drimmelen, W.D. Malherbe, K. van der Walt, M. de Lange, J.M.M. Brown, R.K. Loveday, L. Coetzee, R. Bigalke en, onder die huidig nog dienende lede, P.G. Howell en R.C. Tustin. Spesiale erkenning moet gegee word aan die garde anonieme persone wat, omrede hul gespesialiseerde deskundigheid, as beoordelaars opgetree het, meer nog, moeitevolle ure onbaatsugtiglik gespandeer het om uitvoerige voorstelle ter verbetering van ingesonde stukke aan die hand te doen. Ewe eens moet die naam van mev. M. Marais genoem word: vir haar toegewydheid oor baie jare kan die Redaksie nie dankbaar genoeg wees nie.

Na sy finale aftrede uit die Staatsdiens in 1961 het dr. A.M. Diesel die Vereniging se eerste voltydse sekretaris geword, wat tewens tot sy afsterwe in 1965 ook die redakteurskap gehanteer het. Hy is opgevolg deur dr. W.C. Ryksen, tot 1967. Hierdie aanstellings was die eerste stap op weg na 'n voltydse Direkteur. 'n Voltydse Redakteur, en eventueel ook 'n voltydse redaksionele personeel, sou dan ook as toekomsbeleid die aangewese weg skyn te wees. Feit bly, dat 'n persoon aan die stuur moet staan wat meer tyd het om oor redaksionele aangeleenthede te besin, om meer aaneenlopende aandag daaraan te gee en om dienooreenkomstig op te tree as wat in die verlede die geval was. Moontlik is ons daarheen onderweg, en het ons huidig met 'n afgetrede persoon as redakteur 'n soort kompromis- of halfwegsituasie bereik.

Die werkwyse van die Redaksie verg direkte en onmiddellike kontak te eniger tyd tussen sy lede. Oor die jare is in die praktyk ervaar dat lede geografies binne onmiddellike bereik van mekaar moet wees. Om dié rede, en om dié rede alleen, is lede te Onderstepoort (Instituut en Fakulteit) gelokaliseer, ten spyte van die teoretiese ideaal van wyer verspreiding. Ervaring het ook geleer dat persoonlike kontak met plaaslik geleë drukkers 'n vereiste is. Hier is dit 'n geval van: „Distance lends disenchantment".

Dit word beplan, en is aanvanklik reeds uitgevoer. om minstens een formele redaksiekomiteevergadering per jaar te hou, waar beleid in oënskou geneem kan word, afgesien van informele werksbyeenkomste. Deur die *ex officio* sitting van die President en Vise-president op die vergadering, die vaste uitnodiging van die Direkteur en die verteenwoordiging van die Finansieskomitee, word sorg gedra dat die nodige verband tussen die Redaksiekomitee se werksaamhede en dié van die Vereniging gehandhaaf word.

As offisiële mondstuk van die Vereniging het die Tydskrif verslae oor die Algemene Jaarvergaderings, later ook oor dié van Takke, en algemene verenigingsnuus bevat. Die uitbreidende ledetal het behoefte aan spoediger kommunikasie van verenigingsnuus en sake van huishoudelike en meer persoonlike belang laat ontstaan. Indringende oorweging van 'n maandelikse of selfs weeklikse uitgawe van die blad, van koste, tyd en die wenslikheid al dan nie om meer vertroulike sake aan die buitewêreld te verkondig, het gelei tot die instelling van 'n maandelikse omsendbrief in Januarie 1957. Die ideaal om die omsendbrief tot 'n volwaardige publikasie uit te bou is eers in April van hierdie jaar met die verskyning van Vet. Nuus/News verwesenlik. Daar is nou bepaal dat Vet. Nuus 'n *vertroulike* interne kommunikasiemedium vir lede sal wees. Huishoudelike en ander sake wat spoedeisend onder lede se aandag moet kom, asook personalia word daardeur behartig. Wat laasgenoemde aspek betref, sal die Tydskrif slegs, soos in die verlede, toekennings wêreldkundig maak. Anders as voorheen sal *obituaria* net van vooraan-

staande lede in die Tydskrif verskyn. Dit staan enigeen vry om 'n volledige *Obiit* van 'n oorledene op te stel en in te stuur; die President sal bepaal in watter medium dit gepubliseer sal word. Die Redaksie word onthef van die tydrowende en aandagvergende verpligting om te sorg dat vir elke oorlede lid 'n doodsberig verskyn.

Die advertensie-inkomstepotensiaal van die Tydskrif is nooit ten volle benut nie. Tyddruk op die Redaksiekomitee, asook gebrek aan besigheidservaring en kontakte het veroorsaak dat nie die nodige aandag hieraan gewy kon word nie. Danksy bemoeiing van die Finansieskomitee is destyds tariewe aangepas om tred te hou met algemene kostestygings. Deur die advertensiepotensiaal van die Tydskrif en van Vet. Nuus en die inkomste daarvan as 'n eenheid te beskou, kan 'n soepeler werkswyse met aantrekliker voorwaardes vir adverteerders gevolg word. Toevallige oop ruimtes in die Tydskrif kan benut word om gevestigde adverteerders te begunstig. Deurgaans sal 'n kragdadige advertensiewerwingsveldtog geloods en gevolg moet word. Die benutting van werwingsagente word ondersoek. Die Redaksie sal hulp in hierdie verband van Veeartse-in-Industrie verwelkom. Lede kan behulpsaam wees deur adverteerders te ondersteun en dusdanige ondersteuning by die betrokke handelsfirma's bekend te stel. Die Vereniging is al in die verlede deur uitgewersfirma's genader met die aanbod om die Tydskrif kosteloos te druk en te versprei. Ter wille van die aansien van die Tydskrif is tot nog toe nie hiervan gebruik gemaak nie. Nog die Tydskrif, nog Vet. Nuus, is 'n instelling op winsbejag. Die Tydskrif word dan ook deur 'n jaarlikse subsidie van die Departement van Nasionale Onderwys ondersteun, waarvoor die Vereniging en die Redaksie met reg dankbaar is.

Wat sirkulasie betref, word hier volstaan met enkele statistiese grepe uit die beperkte beskikbare syfers.

	1972	1976	1978
Lede			
Binne die RSA	650	761	840
Buitelands	50	64	78
Subskripsies			
Binne die RSA	22	19	34
Buitelands	258	250	204
Uitruil			
Binne die RSA	32	24	25
Buitelands	104	80	76
Totaal	1 116	1 198	1 257

Die afname in uitruilnommers is te wyte aan ingrypende hersiening van die uitruillys: die Redaksie moes bepaal dat die Vereniging werklik waarde vir sy geld kry. Tydskrifte wat in ruil ontvang word, word aan die Veeartsenykundetak van die Merensky-biblioteek geskenk, waar hulle behoorlik versorg word en vir alle lede toeganklik is. Inaggenome die gunstige reaksie op publikasie in die Tydskrif, gemeet aan die aantal versoeke om herdrukke, bestryk die Tydskrif 'n aansienlike deel van die wêreld. Die moontlikheid is natuurlik nie uitgesluit nie dat van hierdie versoeke indirek deur bemiddeling van uittrekselpubliserende tydskrifte kom nie. Ook wat sirkulasie betref, kan lede help deur ons Tydskrif te propageer.

Die voertaal van die Tydskrif was aanvanklik uitsluitlik Engels. Eers in 1942 (Vol. 13 No. 3) verskyn 'n artikel in Afrikaans, nl. „Akuut (!) Timpanitis (!) (Opblaas) by Herkouers" deur J.I. Quin, gevolg deur 'n kliniese aantekening deur T.B. Nel in 1946 (Vol. 17 No. 2) en deur 'n oorsig oor die gebruik van *Brucella abortus* (Stam 19) entstof in S.A. deur G.C. van Drimmelen in 1948 (Vol. 19 No. 4). In die tien jaar daarna verskyn nege artikels in Afrikaans, in die daaropvolgende tien jaar 35. Die eerste redaksionele stuk in Afrikaans verskyn in 1963 (Vol. 34 No. 3). Tot hede is die getal Afrikaanse artikels nog ver in die minderheid. Die redes vir die hele verskynsel kan as volg opgesom word: die aanvanklike groot oorwig Engelsprekendes in die professie; die mag van gewoonte; die geredelike inval by bestaande gebruike; konserwatisme; en veral die sterk oorweging van noodsaak vir internasionale kommunikasie. Doelbewuste taalmiskenning was daar nooit. Afrikaanse bydraes word allerweë verwelkom, mits die uittreksel in Engels meer omvattend as andersins gebruiklik is.

Om tot die kern van die saak – die blad se inhoud – te keer, moet die eenvoudige feit herbeklemtoon word dat ons Tydskrif geheel en al van sy bydraers afhanklik is. Die Redaksie tree bloot as monitor en prosesseerder op. Die uiteindelike produk is die resultaat van die wisselwerking tussen die skeppende arbeid van sy bydraers, die oordeel en skaafwerk van die Redaksie en die fisiese arbeid van setters en drukkers. Die gehalte daarvan moet vir homself getuig. Dit sal help as lede wat van tyd tot tyd in buitelandse professionele kringe beweeg 'n oor oop sal hou vir geluide, gunstig of ongunstig. Bemoedigend is die waarderende briewe wat dan en wan ongesolisiteer opdaag, veral dié van belangelose buitestaanders. Hoofsaak bly egter verantwoordelike kritiek uit eie geledere, in besonder as dit die resultaat van indrinende bespreking en besinning van 'n aantal lede soos 'n Tak of Groep is. Die voorbeeld wat deur die Weskaaptak gestel is, kan gerus nagevolg word.

Die funksies van die Tydskrif moet weer eens voorgehou word:

1. Die behoud en versterking van onderlinge verband tussen lede, veral met oog op die sentrifugale effek van die huidige sterk diversifikasie van werksaamhede en belange, belange wat soms, oppervlakkig beskou, mag skyn te bots.
2. 'n Weerspieëling van die professie se aktiwiteite, waardeur hy hom aan kritiese eiewaardebepaling kan onderwerp.
3. Verskaffing van voorligting en aanduiding van riglyne vir professionele optrede en werksaamhede.
4. Bevordering van professionele belange deur op verantwoordelike wyse knelpunte vreesloos en akkuraat te identifiseer, moontlike oplossings aan die hand te doen en optrede vir die toekoms te bepaal.
5. Bevordering van voortgesette opleiding d.m.v. inligting-, oorsig- en ander stukke van didaktiese aard, asook deur publikasie van navorsingresultate.
6. Verskaffing van nuttige praktiese inligting.
7. Byhou van historiese dokumentasie, veral met die oog op wat die verlede ons kan leer.
8. Bevordering van veeartsenykunde in die algemeen en veeartsenykundige wetenskap en praktyk in die besonder. In die teken van huidige neigings moet die blad hom ook op interdissiplinêre terrein begewe. Vanselfsprekend sal Vet. Nuus 'n aanvullende en sterk ondersteunende rol speel.

Beskou 'n mens die Tydskrif oor die jare, dan is daar wel 'n eerlike en volgehoue poging aangewend om aan al hierdie funksies te voldoen. Redaksionele beleid het

basies bestendig gebly: sien ook Vol. 42 p. 99. Omsendbriewe is nou aan alle Takke, Groepe en Komitees van die Vereniging gestuur om weer eens daarop te wys dat die Vereniging kopiereg hou t.o.v. publikasie van referate wat tydens byeenkomste gelewer word, dat alle dusdanige referate na die Redaksie vir keuring met oog op publikasie gestuur moet word, en dat slegs by uitsondering publikasie elders toegelaat sal word.

Op veterinêr-politieke gebied was die toon van ons blad 'n beskeie een. Weliswaar was met enkele uitsondering die 110 stuks redaksionele artikels in die 194 uitgawes van die blad in hierdie trant, aangevul deur die onderskeie Presidentsredes, gepubliseerde toesprake en sekere algemene artikels. Desnieteenstaande sal die oningeligte buitestaander meesal – met moontlike uitsondering van die eerste aantal bande – tussen die lyne moet lees om werklik onder die indruk te kom van die professie se wordingstryd en sy stryd om erkenning. Etlike sake wat deur lang, geduldige en hardnekkig volgehoue pogings van die Vereniging opgelos of na 'n meer aanneemlike vlak verhef is, het nie voldoende weerklank in die Tydskrif gevind nie. Beskeidenheid is 'n groot deug, maar selfs deugde kan oordryf word. Daar word ook ruimskoots toegelaat vir goeie maniere om nie „vuil wasgoed in die openbaar te was" nie. Veral Groepe en Komitees kan help deur self stukke op te stel, of opdrag aan 'n geskikte persoon te gee om dit te doen, of die nodigekte, argumente en sienings aan die redakteur te verskaf.

Met redelike bevrediging kan 'n mens na die getal navorsingartikels kyk. Dank word weer eens aan die Direkteur van die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut betuig dat soveel werk van lede van die Instituut in die Tydskrif kon verskyn. Huidig word navorsing in toenemende mate ook buite die Navorsingsinstituut gedoen en beweeg al hoe meer op interdissiplinêre en interprofessionevqak. Hiervoor bied die Tydskrif 'n uitstekende platform. Dis dan ook beleid om bydraes van buite die Vereniging se ledekring en ook van buite die professie te verwelkom. Met toenemende spesialisasie en sofistikasie gebeur dit onvermydelik dat al hoe meer van die terrein van praktiese kliniese diergeneeskunde weg beweeg word. Die in sekere opsigte geregverdigde kritiek is gelewer dat die Tydskrif nie meer die belange van die meerderheid lede dien nie. Die regstelling lê duidelik daarin dat meer artikels van kliniese g moet verskyn, nie in inkorting van meer akademies geöriënteerde materiaal nie. Dis 'n baie ou turksvy, hierdie: sien Vol. 34 p. 315. Die grondliggende feite bly dat die praktiserende dierearts min geleentheid kry om te skrywe, die atmosfeer waarin hy beweeg is nie-akademies, hy het nie so geredelik toegang tot literatuur nie, hy is van geaardheid minder akademies ingestel (anders sou hy hom nie in die praktyk begewe het nie), geleenthede ontbreek om hom in die smartlik verkreë wetenskaplike skryfkuns te bekwaam, hy is nie so aan kritiekblootstelling gewoond soos sy akademiese kollega's en dus meer sensitief daaromtrent, skryfwerk bring hom niks in die sak nie en beteken net meer onkoste. Die eerste stap is om hierdie feite nugter onder oë te neem, en hulle terdeë te besef en te aanvaar. Dit doen die Redaksiekomitee reeds: vergeleke met redaksies van baie soortgelyke publikasies doen komiteelede en buitestaande referendarisse eindeloos meer moeite – dae en dae van werk wat van hul normale aktiwiteite afgekynp moet word – om bydraes redaksioneel by te werk en uitvoerige voorstelle vir verbetering aan die hand te doen. Daar is egter perke van redelikheid wat nie uitbuitend oorskry mag word nie.

'n Spook wat besweer moet word is die waanbeeld dat bydraers ontmoedig word deur onoordeelkundige afwysing of snedige redaksionele kritiek. Soos op so baie terreine van die lewe bestaan ook hier wanindrukke en halwe waarhede wat populêr as die ware Jakob aangegryp word. In werklikheid is dit slegs die enkele artikel wat afgewys word, nie meer as twee of drie per jaar nie; dit geskied slegs op advies van bevoegde beoordelaars, gewoonlik twee of meer, wat nie noodwendig lede van die Redaksiekomitee hoef te wees nie, en wat volgens 'n standaard vraelys vir beoordelaars werk. Voorheen is ter wille van tydbesparing slegs 'n geykte afwysingsbrief in sulke gevalle uitgestuur. Op aandrang van die jongste Algemene Jaarvergadering is dié beleid in heroorweging geneem: voortaan sal redes vir afwysing verstrek word. Redelike repliek en verduideliking bly elkeen se demokratiese reg, maar om begryplike redes kan die Redaksie hom nie met uitgerekte polemieke inlaat nie.

Wat wysigings van bydraes betref, kan in alle eerlikheid gemeld word dat verreweg die meeste outeurs sodanige wysigings in goeie gees aanvaar, of met verdere verduidelikings aktief meehelp om 'n hoër gehalte eindproduk te verseker. Die huidige Redakteur kan hom slegs drie gevalle herinner waar eksepsie geneem is en een waar die betrokke skrywer glad nie op redaksionele aanbevelings gereageer het nie. 'n Mens kan slegs hoogste waardering hê vir diegene wat gewilliglik vir die soveelste keer 'n artikel herskrywe. 'n Woord van spesiale erkenning word gerig aan bydraers wat geen moeite ontsien om die vereiste formaat na te kom nie, wat sorg dat indeling, uittreksel en bronnelys keurig in orde is en dat tabelle en figure in paslike vorm aangebied word.

Om onnodige arbeid te vermy kan outeurs, in gevalle van onsekerheid of 'n beplande artikel in beginsel wel geskik sal wees, vooraf 'n uiteensetting aan die Redaksie vir kommentaar stuur. Dit is 'n handige proses wat deur sommiges reeds benut is. 'n Tweede uitweg is om die artikel in konsepvorm vir beoordeling voor te lê. Dit moet egter nie van die Redaksie verwag word om 'n haastig saamgeflanste konkoksie te herskrywe nie! 'n Derde metode, waarvan veral die onervare aspirantskrywer gebruik kan maak, is om 'n meer ervare kollega te betrek, desnoods as medeouteur. 'n Voorstel in dier voege is op die vorige Algemene Jaarvergadering gemaak. Die Redaksie kan dit nie as beleid voorskrywe nie, maar dit staan enigeen vry om so 'n prosedure te volg.

Daar is baie kollega's wat oor allerlei wetenswaardighede en nuttige wenke beskik, inligting wat nie 'n formele artikel regverdig nie, maar wat beslis met mekaar gedeel behoort te word. So ook loop kollega's allerlei probleme van diagnostiese, terapeutiese, preventatiewe of organisatoriese aard op die lyf. Waarom nie hierdie probleme met oog op soek na oplossings met mekaar deel nie? Die opinie is al uitgespreek dat ons sodoende baie gouer op die spoor van die bestaan van voorheen nie vermoede siektes in die land of streek sal kom. Ook sal siektes in versluierde of vermomde vorm gouer herken kan word. Sulke mededelings kan met minimum inspanning d.m.v. 'n brief aan die Redakteur bewerkstellig word. Is daar voldoende toevloei daarvan, kan aparte rubrieke soos „Kliniese Kommunikasies", „Praktiese Wenke" e.d.m. ontgin word. Ons

het reeds 'n „Vraag en Antwoord"-rubriek, waarin tot dusver meer algemene vrae van akademiese aard beantwoord is.

Wetenskaplike skryfwerk is lastig en veeleisend, maar die verskoning: „Ek kan nie skrywe nie" beteken in der waarheid: „Ek is te lui om die saak deeglik te deurdink". Die goue reël bly: „Besin eer jy begin". Dan volg 'n paar toetsvrae: „Is my stellings wetenskaplik verantwoord? Is my uiteensetting logies?" „Het ek myself duidelik en ondubbelsinnig, sonder omhaal, uitgedruk?" In hierdie hele verband word verwys na wat reeds in 1963 (Vol 34 No. 3 p. 315) gestel is, asook na die President se oproep in die Oktober-uitgawe van Vet. Nuus. Die toekoms bly dus een van bestendige voortsetting en ontwikkeling van die verlede. Ons sluit af met aanhaling van 'n strofe uit 'n Nederlandse weerstandsbewegingliedjie:

„We komen d'r wel,
„Maar we zijn d'r nog niet".

NOTICE TO AUTHORS

KENNISGEWING AAN BYDRAERS

STYLE OF REFERENCES

To support the move towards international standardisation of rendering references, the Editor has decided that as from Volume 50 (1979) the suggestions, recently made by a Ciba Foundation Workshop and discussed at the First International Congress of Scientific Editors in Jerusalem as well as at an informal meeting of editors of biological journals held in Pretoria on October 31, 1978, will be put into effect. As far as this Journal is concerned, it implies a further streamlining and simplification of the system already in use, according to the following examples:

Examples of style to be used in reference list:

du Toit A E, MacDonald J 1975 The excretion of *Escherichia coli* by pigs under stress. Journal of the South African Veterinary Association 46: 91 – 98

2. O'Connor P 1967 Symptoms of stress in pigs. In: Roos T, Marais M (eds) Stress in Man and Animals 2nd end. Elsevier/Excerpta Medica/North Holland, Amsterdam

A. In the list of References

1. authors' names will *no longer be given in capitals*, but in upper and lower case;
2. full stops after initials fall away;
3. the use of at least one christian name in the case of authoresses falls away (but is retained under the title of an original article);
4. authors' surnames must be rendered exactly as spelt, including prefixes such as de, De, van, von, O' etc. and alphabetised accordingly. Mc must not be alphabetised under Mac.
5. only a comma separates authors' names, where there are more than one; the ampersand (&) falls away;
6. the *full* stop after the journal title – in full – falls away;
7. the *number* of a volume will only be necessary (in parentheses) in those instances in which each issue of a volume starts from page 1, as happened in Vol. 39 of this Journal, e.g. 39(2): 45–47;
8. not only the first page, but also the last of each reference must be given;
9. anonymous authors are indicated by their status, e.g. Editorial; Director of Veterinary Services; Chief Librarian; or by the name of the body to which they belong and on whose behalf they make a published statement: Royal Commission on...; Joint Committee on...; WHO; Republic of South Africa, Department of Agricultural Technical Services; Republic of South Africa, Government Notice No. ...; etc. Such titles or names are arranged alphabetically with those of named authors;
10. the titles of articles in script other than Latin (e.g. Cyrillic, Arabic, Japanese) must be given in English in square brackets, followed by the name of the language in ordinary parentheses. The names of authors and journals titles must be transliterated, unless, in the latter case, the journal also bears an official title in a Western language;
11. in the case of books, the publisher's name is given and then the main city in which the publishing house is situated;
12. terms such as 'ibid.', 'idem', 'op. cit.' and 'loc. cit.' are not to be used as substitutes for complete references;
13. when reference has to be made to a publication not available to the contributor, the full reference must be given if at all possible, followed by the full reference to the citing author(s). If the latter already appear(s) in the list of references, then the (first) author's name (followed by 'et al.') and the reference number will suffice;
14. do not underline any part of the reference: italics and bold type fall away;
15. although titles of journals are to be given in full, any initial 'The' or its equivalent is dropped; all important words start with a capital, irrespective of usage in that particular language (e.g. German); titles of books are treated in the same way; per contrast, titles of articles appear in lower case only except where spelling rules demand otherwise.

B. In the Text

1. if names are referred to, use '&' to indicate co-authors, 'and' to indicate different publications, e.g.:
   Jones & Smith[4] found ...
   Jones[4] and Smith[6] found ...
   Brown et al[2], Jones & Smith[4] and Robinson[7] have confirmed ...;
2. if reference has to be made to *three* or more co-authors, use the form 'X et al' *from the start;*
3. cite personal (not 'private') communications and unpublished work (not 'in preparation'), as well as any unpublished proceedings or reports *in the text only,* not in the reference list, in the following form:
   ... as was demonstrated recently (J Smith 1977 Veterinary Research Institute, Onderstepoort, personal communication). ... treatment was successfully applied (P Jones 1977 Unpublished work, presented at 1977 Biennial Scientific Congress, South African Veterinary Association, Grahamstown, 30 August).
   The first case of the disease was recorded in this area in 1971 (Department of Agricultural Technical Services, Division of Veterinary Services, Report by State Veterinarian Ixopo 1972 File 381/3).

These instructions are to be followed pending the issue of a Guide to Authors.

OPEN SYMPOSIUM ON MASTITIS CONTROL IN DAIRY HERDS: A POSITIVE STEP INTO THE FUTURE OF LARGE SCALE PREVENTIVE VETERINARY MEDICINE IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

An Open Symposium on Mastitis Control in Dairy Herds was one of the major events organised by the South African Veterinary Association to mark its 75th Anniversary and to put the occasion to most fruitful use. The Symposium was held at the Conference Centre of the Council for Scientific and Industrial Research, Pretoria, from August 10 to 12, 1978. It was attended by wellnigh 300 delegates, and included veterinarians, animal scientists, extension officers, breeders, producers of fresh and of industrial milk, milk distributors, and members of the Faculty of Veterinary Science, of various Faculties and Colleges of Agriculture, of the State Department of Agricultural Technical Services, the Department of Agricultural Economy and Marketing, the Institute for Veterinary Research, the Institute for Animal Science and Dairying, the State Department of Health, the Dairy Board, the Milk Board, the Artificial Insemination Coöperative Insemina, the S. A. Milking Machine Association and the Consumer Council. Also attending were Dr O. Klastrup from Denmark and Dr G. F. Morse from the United States, as well as guest speakers from Rhodesia. The proceedings of the Symposium are being published as an entity separately from this Journal. Details regarding price and placing of orders appear on page 294 of this issue of the Journal.

Thirty-five papers were presented. Summaries of the proceedings of the first two days were given, an open session was held on the Friday afternoon, and the proceedings were finalised by a general discussion with qustions and answers and by an opportunity for the adoption of resolutions.

The purpose of the Symposium was defined as an attempt to:

1. exchange information, knowledge and views on bovine mastitis in general between representatives and individuals in any way concerned with and interested in the problem;
2. outline the nature and extent of the mastitis problem and the effect thereof on the dairy industry as a whole;
3. discuss herd control of bovine mastitis with special reference to organised schemes applied in other countries and to schemes or methods which may be regionally or nationally applicable in South Africa, taking into account factors such as personnel, facilities, cost, benefits, etc.; and
4. form a national representative body for promoting mastitis control in the Republic of South Africa.

Thanks to careful preparation, the Symposium succeeded beyond expectation: it reached all four major objectives and its participants unanimously resolved that:

1. a representative National Mastitis Action Counci be established to consider, promote and introduce a National or Regional Cooperative Udder Healtl Improvement Programme, as well as assist, promote and finance research and investigation which wil further the aims of such a Council;
2. the SAVA be requested to approach formally all the parties concerned, to nominate a representative tc serve on such a Council; and
3. the Minister of Agriculture be invited to give his patronage to such a Council, and to take the chair a the Inaugural Meeting of delegates to be held at ar early date to form such a Council.

The Resolution is especially noteworthy because it was passed at a time when past achievements and future tasks of the veterinary profession in South Africa were being reviewed. Its adoption hardly could have been timed more perfectly. In terms of the Resolution, the SAVA received a clear vote of confidence on the previous achievements of the veterinary profession and was given an equally clear mandate to press on with the introduction of a National Udder (or Dairy Cattle) Health Service.

Such a commitment to preventive veterinary medicine on the herd level may be viewed by members of the profession with some doubt and scepticism regarding the feasibility of and necessity for such a comprehensive programme. Appreciable difficulties must also be expected to arise between conception and birth of the scheme. Whatever the problems, it is conceivable that their satisfactory resolution will become so much easier if the profession as a whole already commences immediately to work purposefully towards the common goal outlined at the Symposium, namely a National Mastitis Council. Its organisation and effective operation seems imperative to further developments in veterinary medicine and dairy farming.

Specialised preventive veterinary medicine comprises a significant component of the veterinary services rendered to dairy industries of most countries where milk production has become an intensive and specialised animal industry. Under such conditions, dairy farming is faced with tough competition and it is compelled, therefore, to utilise all possible means of rendering its operations more efficient. In the face of growing consumer resistance, any improvement of the agricultural income by raising the producer's price no longer seems practical. Hence dairy farming must rationalise; it is already centralising geographically and increasing its scale of activities in climatically suitable areas; both the number of cows per farm and the number of cows managed per worker are escalating; mech-

anisation has advanced especially rapidly on fresh milk producing farms.

These trends are of great significance to an organised mastitis control programme because:

1. the scale of activities on large farms usually justifies more intensive disease control programmes; and
2. intensive dairy farming is aimed at optimal output at the lowest possible cost within a minimum of time.

The latter only becomes feasible where animals with a high genetic potential for productivity are bred, reared and kept under optimal environmental conditions. The closely calculated production programmes leave no room for unforeseen incidents, especially production losses owing to mastitis and other disease. It is thus no longer sufficient to keep animals in good health by means of conventional methods; it becomes essential, instead, to monitor udder and cattle health regularly for early symptoms of managerial deficiencies and to prevent the onset of functional, developmental and productive reverses.

The cost of a mastitis control programme must, of course, be in reasonable proportion to the economic success of the dairy farm. Nevertheless, cost can be reduced considerably by including other erosive conditions in the control programme. Moreover, the programme has to be acceptable to the dairy farmer. In view of the narrowing profit margin of dairy farming, there are three possible economic justifications for the farmer to implement such a programme, namely:

1. increase of profitability of milk production by increased efficiency with which resources are used, thereby reducing the average cost of production;
2. significant limitation of disease outbreaks, thereby reducing uncertainty of income; and
3. increased opportunity for diversification by being able to reduce herd size and/or change the herd replacement pattern according to the dicates of necessity, which, in turn, reduces the number of calves that must be reared annually for dairy purposes.

Dairy farmers most probably will be slow in adopting such a programme because the economic losses both from mastitis and infertility are erosive rather than catastrophic in nature and thus less apparent. Most dairy farmers, also, are traditionally conservative in investing funds in new and unaccustomed ways. In the absence of an appropriate financial incentive, the motivation of the farmer will be limited further unless he is educated to see and actually experiences the benefits from the control programme. Owing to all these reasons, knowledge available for the control of largely preventable cattle diseases has been under-utilized for too many years. The prime evidence for this fact is the high prevalence of mastitis and infertility in South African dairy herds, despite the high returns which can be expected from a properly organised disease control programme. Hence it would appear to be of considerable value to stimulate increased investment in the programme proposed at the Symposium. For that purpose, a positive financial incentive by means of an appropriate scheme of payment on milk quality, rather than a negative system of penalties, should be provided. A price incentive for the production of milk with an acceptable level of somatic cells per mℓ of milk would be justified from the viewpoint of the consumer; it would facilitate simultaneously a profitable investment by the farmer in voluntary disease control on the herd level. By adopting such control measures he will be able to keep bills for veterinary treatment and costs of remedies that constantly erode profits and form the focus of the computation of the operating costs of his agricultural enterprise as low as possible.

The development of the specialised multidisciplinary service proposed at the Symposium requires a thorough re-orientation and rapid adjustment to the new situation by the veterinarian. How important it is for the veterinary profession to adapt quickly and become totally committed to such specialised professionalism with all its implications are exemplified by the facts that:

1. general conditions of dairy farming are most disconcerting, expecially in respect to the prevalence of mastitis;
2. despite increased value of dairy cattle and cost of remedies, dairy farmers continue with their own and all too frequently unsuccessful attempts at treating diseased animals without consulting a veterinarian; and
3. practising veterinarians are relegated to the rôle of drug pedlars and/or emergency helpers, instead of being consulted as experts competent in matters of animal health and disease prevention.

From the above it is apparent that the specialised multidisciplinary service proposed at the Symposium should be appreciated by the profession as a whole. It is an attempt at alleviating several serious unfavourable conditions of major veterinary and agricultural concern already indicated previously[2 4 5]. It is hoped that such an appreciation will receive the sustained professional support and effort so essential for the organisation and actual functioning of the National Mastitis Council. The latter can and must become a milestone in the evolution of preventive veterinary medicine in South Africa. It should be regarded as an attempt at creating a professional infrastructure, especially in the rural areas, of particular significance for:

1. greater productivity in dairy farming to control losses from mastitis at present estimated to amount to a total of R 185,78 x 10^6/a[3]; and
2. improved productivity in the cattle industry as a whole and the control of largely preventable stock losses that amount to some R 359 x 10^6/a (presumably including mastitis)[1].

With due consideration to such losses and to future development and credibility of the veterinary profession in this country, early inauguration of a National Mastitis Council seems a worthwhile and most important undertaking. The SAVA fully deserves to be congratulated on its initiative shown during the Symposium by promoting the initiation of such a Council. One is now almost equally tempted to express the best wishes for a resounding success. It is felt, however, that such wishes alone will not suffice to overcome the many obstacles that doubtlessly will occur during further developments. Much more comforting to the Association will be, instead, the knowledge that, irrespective of the problems encountered, it can always be sure of full support of the veterinary profession at all levels. May such support be forthcoming whenever required!

REFERENCES

1. ANONYMOUS 1975 Editorial: The shortage of veterinarians. *Journal of the South African Veterinary Association* **46**:219

2. DE VILLIERS G.D.B. 1976 Opening address: 71st Annual General Meeting and Two-day Group Symposia, South African Veterinay Association, Bloemfontein, Sept.–Oct., 1977. *Journal of the South African Veterinary Association* **47**:243
3. GIESECKE W.H. 1978 The prevalence and economic significance of mastitis in the R.S.A. Paper presented at the Open Symposium on Mastitis Control in Dairy Herds, South African Veterinary Association, Pretoria, 10–12 August, 1978 (In preparation)
4. ROBERTSON A. 1974 Address: The rôle of the veterinarian in the modern world. *Journal of the South African Veterinary Association* **45**:135
5. SCHUTTE A.P. 1977 Voordrag: Die Suid-Afrikaanse veterinêre Vereniging. *Journal of the South African Veterinary Association* **48**:231

BOEKAANKONDIGING

HANDELING VAN DIE SIMPOSIUM OOR DIE BEHEER VAN MASTITIS IN MELKKUDDES

Al die referate wat tydens die Simposium oor die beheer van Mastitis in Melkkuddes van 10 to 12 Augustus in Pretoria gelewer is, plus die besprekings wa op elke referrat gevolg het, word tans in boekvorm gedruk en sal vroeg in Januarie 1979 beskikbaar wees. Dit beloof om 'n waardevolle bundel te wees vir alle persone wat by die suiwelbedryf in die RSA betrokke is, hetsy as studente, melkprodusente, tegnoloë, veekundiges, vervaardigers, wetenskaplikes of veeartse.

Die prys van die Handelinge is R10 per eksemplaar. Belangstellendes word aangeraai om vroegtydig hulle bestellings te plaas by the S.A. Veterinêre Vereniging, Posbus 26498, Arcadia. 0007; geen waarborg kan verstrek word dat bestellings wat laat ontvang word, wel uitgevoer gaan word nie.

BOOK ANNOUNCEMENT

PROCEEDINGS OF THE SYMPOSIUM ON THE CONTROL OF MASTITIS IN DAIRY HERDS

All the papers presented at the Symposium on the Control of Mastitis in Dairy Gerds on 10 to 12 August in Pretoria, plus the discussion which followed on each paper, are at present being printed in book form and will be available early in January, 1979. It promises to be a most valuable volume to all persons associated with the dairy industry, either as students, milk producers, technologists, animal scientists, manufacturers, scientists or veterinarians.

The price of the Proceedings is R10 per copy. Interested persons are advised to timeously place their orders with the S.A. Veterinary Assn, P.O. Box 26498, Arcadia. 0007; no guarantee can be given that orders received late will be executed.

VEEARTSENYKUNDIGE WOORDEBOEK
VETERINARY SCIENCE DICTIONARY

Waar die SAVV in 1978 'n mylpaal in sy geskiedenis vier, is dit 'n gelukkige sameval van omstandighede dat ook in hierdie maand en jaar die Veeartsenykundige Woordeboek op 'n eenvoudige maar gepaste plegtigheid in die Konferensiekamer van die Vaktaalburo van die Departement van Nasionale Opvoeding op 11 Augustus, 1978, vrygestel kon word. Die funksie is bygewoon deur dr H.S. Steyn, Direkteur van Universiteitsaangeleenthede; dr D.L.E. Laubscher, Direkteur van die Vaktaalburo; mnr S.J. de Jongh, Redakteur van die Woordeboek – al die here van die Departement van Nasionale Opvoeding; prof. B.C. Jansen, Hoofdirekteur, Veeartsenydienste, Veeteelt en Suiwelkunde, Departement Landboutegniese Dienste; prof. C.F.B. Hofmeyr, Dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria; en ander verteenwoordigers van hierdie instansies. Die toespraak deur dr Steyn by offisiële ontvangs van 'n eksemplaar van die Woordeboek gelewer, is elders in hierdie uitgawe opgeneem. In sy informele redevoering by ontvangs van sy kopie het prof. Jansen uitgebrei op die stellings van dr Steyn.

Ook hierdie gebeurtenis is een wat 'n lang pad geloop en een waaraan baie mense deelgeneem het. Ter aanvulling van dr Steyn se toespraak, kan die voorgeskiedenis kortliks in oorsig geneem word.

Tot en met die eerste dekade van hierdie eeu was veeartse in Suid-Afrika oorwegend Engelssprekend, uit Groot Brittanje of in enkele gevalle uit sy destydse kolonies afkomstig, met 'n paar luisterryke verteenwoordigers uit Switserland en Duitsland. Die eerste Afrikaanssprekendes het hulle in die loop van die tweede dekade oorsee bekwaam, te wete P.R. Viljoen, G. van de Wall de Kock, P.J. du Toit, P.J.J. Fourie, M.W. Henning, L.N. Devenish, B. van de Vijver, C.P. Neser, G.H. Melck, B.J. Brümmer (gebore 5 April 1889, vandag die oudste lewende lid van die professie en van die SAVV, destyds die enigste wat te Utrecht, Nederland, afgestudeer het, en wel in 1915), en A.G. Martinaglia (Italiaans van herkoms maar as weeskind in die Langlaagteweeshuis groot geword en te Cornell afgestudeer).

Eers met stigting van ons eie Fakulteit in 1920 het Afrikaanssprekendes in noemenswaardige en toene-

Ontvangsname van die Veeartsenykundige Woordeboek. Van links na regs: dr D.L.E. Laubscher, prof. B.C. Jansen, dr H.S. Steyn. Foto: Dept. Landbou-Tegniese Dienste.

mende getalle tot die professie toegetree. 'n Paar, soos S.W.J. van Rensburg, C.J. van Heerden en D.G. Steyn was toe reeds besig om oorsee af te studeer, of het agterna gegaan. Die woelinge op die kampus van die destydse Transvaalse Universiteitskollege om gelykberegtiging van Afrikaans, veral in die laat twintiger- en vroeë dertigerjare, het skynbaar geen noemenswaardige weerklank in die afgesonderde Fakulteit Veeartsenykunde gehad nie. Die geweldige praktiese uitdagings wat die veeartsenykundige professie in Suid-Afrika in die gesig gestaar het, diersiekteprobleme enersyds, die stryd om openbare erkenning andersyds, het die geledere van die klein bende heg gesluit en min ruimte vir ideologiese oorwegings gelaat. Slegs die 50-50 taalbeleid, wat in teorie in 1930 vir die Universiteit bevestig is maar in die praktyk nie ten volle uitgevoer is nie, is deur die Fakulteit Veeartsenykunde oorgeërf. Na Afrikaanswording van die Universiteit sou hierdie beleid om vanselfsprekende redes as staatserkende offisiële beleid vir die Fakulteit geld, soos vandag nog die geval is.

In die uitvoer van dié beleid was die gebrek aan Afrikaanse vakterminologie 'n ernstige struikelblok, wat elke dosent maar met swoeg, sweet en vindingrykheid moes oorkom, en, laat dit ter ere gesê word, in goeie gees probeer oorkom het. Daar kan in die geheue teruggeroep word hoe hard 'n man soos wyle prof. H.H. Curson – 'n Engelssprekende in murg en been – geworstel het om lesings in Histologie in Afrikaanse te gee, hoe wyle prof. C. Jackson, met sy perfeksionisme, en later ook wyle prof. R. Clark, hul Afrikaanssprekende kollega's amper tot raserny gedryf het aleer hulle tevrede was dat byvoorbeeld 'n vraestel in suiwer Afrikaans weergegee is. Curson was waarskynlik die eerste wat met 'n Engels-Afrikaanse woordelys op indekskaarte begin het. Sy houding het ongetwyfeld onder sy studente die saad gesaai vir 'n Afrikaanse vakterminologie.

Die voorligtingswerk wat die Afdeling Veeartsenydiens van die destydse Departement Landbou (nou die Department Landboutegniese Dienste) onder boere moes doen, die noodsaak vir sinvolle kommunikasie tussen boer en veearts, en die feit dat die meerderheid boere Afrikaanssprekend was, was 'n verdere groot stukrag. Dit was onvermydelik dat hierdie stukragte mettertyd individue sou opwerp, individue wie se pogings uiteindelik in druk vasgelê sou word. So stel P.J.J. Fourie die eerste voorligtingstuk vir publikasie in die destydse Landboujoernaal in Afrikaans op. Voorheen was alle stukke in Engels opgestel en daarna vertaal. Reeds in 1935 verskyn die „Mediese Woordeboek (met inbegrip van Veeartsenykundige, Tandheelkundige en Hospitaalbenaminge)" aan die hand van F. van der Merwe, assistent geneeskundige skoolinspekteur van Transvaal, en staatsvertaler J.D. Louw. Hierin word erkenning gegee aan lede van ons professie, by name „J.H.R. Bisschop, Veearts te Onderstepoort, en verskeie van sy kollega's, waaronder dr M. (? waarskynlik D.G.) Steyn, wat hulle veel moeite getroos het". Wyle prof. H.O. Mönnig het stil-stil elke vrye oomblik aan sy terminologiekaarte gewy; so kon hy in medewerking met bogenoemde van der Merwe en Louw in 1944 die „Voorlopige Geneeskundige Woordelys" in afgerolde vorm onder beskerming van die Suid-Afrikaanse Akademie die lig laat sien.

Maar die werk het voortgegaan. Manne soos wyle prof. H. Graf het besielend meegewerk en die sweep onder sy jonger kollega's laat klap. Verdere name wat hier genoem moet word is dié van proff. W.O. Neitz en G.C. Drimmelen. Net die noem van enkele name laat nie reg geskied aan die tallose kollega's wat ywerig en geesdriftig saamgewerk het, soms ure lank oor netelige punte gedebatteer het, met of sonder uiteindelike algehele tevredenheid.

Selfs met verskyning van die Veeartsenykundige Woordeboek, wat elders in hierdie uitgawe geresensieer is, is die taak geensins afgehandel nie. Kritiek, voorstelle ter verbetering en aanvulling, en veral navrae in probleemgevalle kan na believe direk aan die Redakteur van die Woordeboek, mnr S.J. de Jongh, Vaktaalburo, Departement van Nasionale Opvoeding, Pretoria, of aan die Redaksie van hierdie Tydskrif gestuur word. By voldoende belangstelling kan 'n terminologierubriek in die Tydskrif ontwikkel word. Hier is 'n taak vir almal.

TOESPRAAK **ADDRESS**

VEEARTSENYKUNDIGE WOORDEBOEK*

H.S. STEYN

Dit doen my groot genoeë om by hierdie geleentheid 'n kort woord tot u te mag rig. Dit is inderdaad 'n besondere geleentheid, en wel in tweërlei opsig. Die woordeboek wat ek nou die eer het om namens die Sekretaris van Nasionale Opvoeding vir verspreiding vry te stel, is die eerste volwaardige vakwoordeboek wat op die gebied van die Veeartsenykunde en Veekunde sy verskyning maak in Engels – Afrikaans en Afrikaans – Engels en is tegelyk ook die eerste vaktaalpublikasie wat onder die vaandel van die Departement se Vaktaalburo die wêreld ingestuur word.

Ter wille van diegene wat dit dalk nog nie weet nie, kan ek terloops net meld dat hierdie Buro teen die einde van 1976 tot stand gekom het met die amalgamasie van die SA Akademie se Vaktaalburo en die Afdeling Terminologie van die Taaldiensburo in 'n nuwe Tak van die Departement waarvoor die naam Vaktaalburo om bekendheids- en gepastheidsredes oorgeneem is. Ek kan ook net byvoeg dat, met hierdie samesmelting, die Departement van Nasionale Opvoeding die grootste gedeelte van ons vaktaalbedryf onder sy vleuels geneem het en nou op die voorpos staan in die koördinering en bevordering van die Afrikaanse en tegelyk ook van die Engelse vaktaalgebruik.

Die beskikbaarstelling van gestandaardiseerde vakterminologie oor die hele linie van die wetenskap en tegnologie is 'n diens wat die Staat, deur die Departement, aan die gemeenskap lewer en hy doen dit graag, binne die finansiële vermoë wat die landsekonomie toelaat. Daar het reeds 'n indrukwekkende lys van vakwoordeboeke en termelyste van die Staat se kant in druk verskyn, benewens 'n hele reeks vakwoordelyste wat *ad hoc* saamgestel en versprei is. Met die Veeartsenykundige Woordeboek sny ons vandag nog 'n kepie in sy kerfstok.

Die verskyning van hierdie woordeboek is die afloop van 'n proses wat reeds in die vyftiger-sestigerjare, nog op die inisiatief van die ou Landboutaalkomitee, aan die gang gesit is.

Die werk kon egter nooit behoorlik vaart kry nie, enersyds omdat die vakkundiges aan wie die taak opgedra was om die terminologie van die verskillende dissiplines van die Veeartsenykunde te versamel, die werk "ter wille van die saak" in hulle afknyptydjies moes doen, en andersyds omdat daar net nie genoeg terminoloë beskikbaar was vir al die terminologieprojekte wat op uitvoering gewag het nie. In die loop van die jare is enkele woordelyste wel deur wetenskaplikes met goeie taalonderlegdheid aan die Veeartsenykundige Instituut te Onderstepoort opgestel, maar die saamstel van 'n verteenwoordigende vakwoordeboek is eers in 1975 met mening aangepak toe mnr. S.J. de Jongh, 'n hoof-taalbeampte van die Vaktaalburo, spesiaal daarvoor afgesonder is. Die feit dat dit gebeur het, is hoofsaaklik aan die idealisme en dryfkrag van een man te danke – prof. H.P.A. de Boom. As hy nie so 'n geesdriftige taalyweraar en uitnemende pleitbesorger vir die ontsluiting van die terminologie van sy vak in Afrikaans was nie, sou die Veeartsenykundige Woordeboek stellig nie vandag hier voor u gelê het nie.

Ewenwel, mnr. De Jongh is in Februarie 1975 na Onderstepoort om die projek in oorleg met die Instituut en die Fakulteit te gaan beplan en programmeer. 'n Besondere woord van dank en waardering kom dr. Weiss en prof. Hofmeyr toe wat die deure vir hom oopgemaak en elke moontlike fasiliteit tot sy beskikking gestel het om hom in die uitvoering van sy taak te help. Eweneens 'n woord van hartlike dank aan al die vakkundiges wat hom met ope arms ontvang en enduit met raad en daad bygestaan het. Mnr. De Jongh het etlike maande lank feitlik voltyds op Onderstepoort gewerk waar selfs 'n eie kantoor en telefoon tot sy beskikking gestel is. Hier kon hy in voortdurende konsultasie met die vakdeskundiges die tersaaklike literatuurbronne ekserpeer en die terminologie van elke dissipline sistematies byeenbring en orden. Met hierdie termeversamelings is hy terug na die Vaktaalburo vir finale afwerking en redaksionele versorging, steeds in oorleg met die betrokke vakdeskundiges. Daarna is die verskillende sublyste in een kaartstel gekonsolideer en omgeskakel en is die teks persklaar gemaak. Dr Jansen het goedgunstiglik ingewillig om die voorwoord te skryf. Ons sê aan hom baie dankie daarvoor. Hartlik dankie ook aan mev. Vermeulen en mev. Brown vir hulle aandeel in die redigeer- en proefleeswerk.

Hierdie woordeboek kan tereg daarop aanspraak maak dat hy die vrug is van die allernouste skakeling en samewerking tussen die vakman en die terminoloog. Trouens, as daar ooit 'n woordeboek gemaak is waar die vakman en die taalman van die begin tot die end hulle kennis verpoel en in een tuig saamgetrek het, dan is dit hierdie een. En waar daar soveel welwillendheid, wedersydse agting en vertroue heers, word die moeilike en moeisame taak van woordeboekmaak vir samesteller *en* medewerker 'n genotvolle en verrykende avontuur en kan die eindproduk nie anders as goed wees nie.

Die woordeboek is saamgestel met die oog op die basiese terminologiebehoeftes van almal wat hulle op die gebied van die Veeartsenykunde en die Veekunde beweeg – die dosent, die student, die navorser, die praktisyn en, les bes, ook die boer. Van die boer gepraat: 'n mens wonder hoeveel van die raak, beskrywende terme in hierdie werk, veral op die gebied van veesiektes en plantname, hulle oorsprong in die vindingrykheid en gevatheid van ons boeregemeenskap het! Maar hierdie werk is nie net vir die veeartsenykundige en die veekundige 'n onmisbare stuk gereedskap

*Toespraak gelewer deur dr H.S. STEYN, Direkteur van Universiteitsaangeleenthede, Departement van Nasionale Opvoeding, by geleentheid van die amptelike vrystelling van die woordeboek op Vrydag, 11 Augustus 1978.

nie. Ook die medikus, die dierkundige en die farmaseut sal met groot vrug daarvan gebruik kan maak. Mens en dier staan wat vorm en inhoud en bekwaaldhede betref, per slot van sake baie na aan mekaar. Aan al hierdie vakkringe dan word hierdie netjies en goedversorgde publikasie aangebied in die vertroue dat hulle nie net daarvan kennis sal neem nie maar dit sal aanskaf en gebruik om so 'n algemeen erkende en eenvormige terminologiese gebruik in hierdie kennisveld te bevorder.

Die Departement en die Vaktaalburo is trots daarop dat hulle, in vennootskap met Onderstepoort, die Departement van Landboutegniese Dienste en die Universiteit van Pretoria, die termeskat van hierdie baie belangrike vakkundige kennisgebied in Afrikaans kon help ontsluit. Hiermee kry die wetenskaplike nou 'n instrument in die hand wat, ons hoop, hom sal aanspoor en help om die groot leemte wat daar nog in die Afrikaanse vakliteratuur op hierdie gebied bestaan, aan te vul. Ons aller dank aan mnr. De Jongh wat die leeue-aandeel in die skepping daarvan geneem en hierdie pragwerk met aansteeklike geesdrif en toewyding in rekordtyd saamgestel en op die pers besorg het.

In hierdie tyd van toenemende kostestyging is die prys van R9,00 waarteen hierdie werk te koop aangebied word, beslis baie billik. Dit is R9,00 goed belê en ons hoop dat die oplaag van 1 000 eksemplare baie gou te klein sal blyk te wees.

Die Veeartsenykundige Woordeboek is regstreeks verkrygbaar van die Staatsdrukker in Pretoria en sal ook in die algemene boekhandel te koop wees.

Die werk beslaan sowat 28 000 inskrywings in Engels en Afrikaans en verryk ons Afrikaanse vaktaalskat met ruim 14 000 terme. En wat meer gepas kan 'n mens verlang as dat ons hierdie nuwe mylpaal in die ontplooiing van die Afrikaanse vaktaal juis nou kan plant waar die Veeartsenkyndige Vereniging van Suid-Afrika sy 75ste bestaansjaar vier en op die oomblik in kongres is hier in Pretoria.

BOOK REVIEW — BOEKRESENSIE

VEEARTSENYKUNDIGE WOORDEBOEK – VETERINARY SCIENCE DICTIONARY

VAKTAALBURO
(Dept. Nasionale Opvoeding)

TERMINOLOGY BUREAU
(Dept. of National Education)

Staatsdrukker, P. Sak X85, 0001 Pretoria – Government Printer, P/Bag X85, 0001 Pretoria, 1978.
pp. xiii + 351, R9,00

This invaluable Afrikaans-English and English-Afrikaans dictionary of terms used in Veterinary Science was compiled under the editorship of Mr. S.J. de Jongh who acknowledges the help he received from numerous persons, in particular those engaged in research and teaching at the Veterinary Research Institute and the Faculty of Veterinary Science of the University of Pretoria, both situated at Onderstepoort. If one name is to be singled out it would be appropriate to mention Prof. (Emeritus) H.P.A. de Boom. The Editor and his colleagues are indeed to be congratulated on the results of many years of dedicated work. This dictionary fulfils a long felt need and will undoubtedly also be used beyond the borders of the Republic of South Africa.

The ability of our farmers to embody the characteristic features of a disease in a name is well known and this features prominently in the dictionary. Equally evident is the knack of creating words to describe, in typical Afrikaans, conditions which are better known in English or Latin e.g. *ingewandsdwaalwurm* for *visceral larva migrans*.

While it would perhaps be presumptuous for a veterinarian to criticise the work of persons with obvious literary training and ability, it is nevertheless regrettable that the English spelling of words traditionally using *ae* and *oe* has been Americanised so that we need to look for *estrus* and *cecum* instead. The foreword does, however, emphasise that both spelling forms are permissible. In looking up the obvious word in a dictionary of this kind it is also disappointing to note that *diergeneeskundig* is not given as one of the words equivalent to *veterinary*. The word *veeartseny* does not appear at all. This shorter word could well be used more widely instead of *veeartsenykundige (veterinary)*, e.g. as *veeartsenyberoep* instead of *veeartsenykundige beroep*.

It is noted with concern that, in the translation of words such as "brucellosis" and "brucellin", the fact that the words are derived from the name of a man called 'Bruce' has been forgotten, so that the Afrikaans equivalents are given as 'brusellose' and 'brusellien'. It is to be hoped that readers of the "Woordeboek" and the Terminology Bureau will recognise this fault and correct this unfortunate situation before 'brusellose', etc., become generally accepted because of custom and usage.

This is the first edition and no doubt the dynamic nature of the veterinary profession and the Afrikaans language will necessitate revision and amplification in time to come. In the meantime it remains a book essential to those who read and write Afrikaans and who are anxious to use the best and correct terminology so as to achieve clarity and brevity of expression. Mr de Jongh and his coworkers deserve our sincere gratitude and compliments for the monumental work.

The book is well printed on good paper and bound in a hard cover.

L.W. v.d. H.

DIE SUID-AFRIKAANSE MILITÊRE VEEARTSENYDIENS*

DOKUMENTASIEDIENSTE, S.A. WEERMAG

ABSTRACT: Documentation Services, South African Defence Force. **The South African Army Veterinary Services.** *Journal of the South African Veterinary Association* (1978) **49** No. 4 299–308 (Afr) Private Bag X175, 0001 Pretoria, Rep. of South Africa.

The history of the South African Military Veterinary Services is outlined from the time the first veterinarian, Thomas Burrowes, attached to the 8th Light Dragoons, set foot in the Cape in 1799, until the end of World War II. It summarises the extensive literature published mainly by Curson in previous issues of this Journal and extends it to include the period of that war.

INLEIDING

Die ontstaan en ontwikkeling van professionele veeartsenykunde in Suid-Afrika was aanvanklik suiwer militêr van aard; dit kan teruggevoer word na die Britse besetting van die Kaap in 1795. Dit is onwaarskynlik dat die Hollandse bewind aan die Kaap veeartse in diens gehad het, daar die Utrechtse Veeartsenyskool eers in 1821 gestig is[4].

PERIODE VOOR DIE EERSTE WÊRELDOORLOG

Ontwikkeling in Brittanje

Die aanstelling van veeartse in die Britse Leër is in 1796 aanbeveel. Voor die datum was dit die kwartiermeester van elke troepemag se taak om die diere te versorg. Die *Army Veterinary Department* het in 1881 tot stand gekom, en die *Remount Department* in 1887. Die posisie van die militêre veearts het geleidelik verbeter totdat hulle dieselfde status geniet het as hulle mediese en vegtende kollegas[4 8].

In 1883 het die *Army Veterinary Department* vir die eerste keer 'n eie uniform gekry. Die broek en tuniek was blou, met 'n maroen kraag en mouboordjies. Hierby is 'n wit lyfband en swaardskede gedra. 'n Rooi veer is op die opgeslane hoed gedra[6].

Ontwikkeling in Suid-Afrika

Ten tye van die Eerst Britse Besetting van die Kaap in 1795 was epidemiese siektes onder die plaaslike diere nog onbekend. Die algemeenste perdesiekte was droes. Die eerste veearts aan die Kaap was Thomas Burrowes wat in 1799 met sy eenheid, die *8th Light Dragoons,* aan die Kaap geland het[4].

Tydens die Bataafse bewind (1803-06) was daar ongeveer 200 tot 300 dragonders aan die Kaap gestasioneer, waarskynlik sonder 'n veearts[4].

Na 1806, met die Tweede Britse Besetting, was daar heelwat meer berede eenhede aan die Kaap teenwoordig, hoofsaaklik as gevolg van die Grensoorloë. Veeartse het heelwat van die veldtogte meegemaak. In die ernstige epidemie van perdesiekte, wat in 1854/55 aan die Kaap uitgebreek het, het 65 000 diere gevrek[4].

Vyf offisiere van die *Army Veterinary Department* en drie addisionele veeartse het sir Charles Warren in 1885 bygestaan tydens die Betsjoeanaland-ekspedisie. Twintig hoefsmede is van Engeland oorgestuur vir die veldtog. 'n Nuwe soort hoefyster, waarmee perde warm of koud beslaan kon word, is suksesvol gebruik. Perdesiekte, miltsiekte en droes het die perde en muile afgemaai en longsiekte die osse[8].

In Natal het die eerste twee militêre veeartse in 1878 hulle verskyning gemaak. Hulle was Francois Duck en B.L. Glover. Perdesiekte, miltsiekte en droes het onder die diere van Natal voorgekom. Tydens die Zulu oorlog van 1879 het die *Army Veterinary Department* vir die eerste keer as sodanig in oorlog gefunksioneer: 15 veeartse het deelgeneem[8].

Dit wil voorkom of daar slegs een veearts aan die Natalse front was tydens die Eerste Vryheidsoorlog, naamlik Gillard van die *15th hussars*[5].

In Transvaal en die Vrystaat het die eerste veeartse eers op 'n laat stadium hulle verskyning gemaak. Duck en Glover was ook die eerste twee veeartse in Transvaal, toe hulle tydens die tweede Sekoekoenie-oorlog in 1878 diens gedoen het. Die volgende jaar het 'n ander veearts van Natal, R. Moore in die derde oorlog as vrywilliger diens gedoen. Sy ondersoek na die hoë tol wat perdesiekte geëis het, is in 1880 in Pretoria gepubliseer. Daar was geen veeartse in die Transvaal tydens die Eerste Vryheidsoorlog nie. Die eerste veeartse in die Vrystaat het met die uitbreek van runderpes in 1897 op die toneel verskyn[5].

*Opgestel op versoek van die SAVV. Briefwisseling met verdere feitestellings en anekdotes word uitgenooi. Red.

*Met uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was daar waarskynlik 19 veeartsoffisier in die staande mag in Natal en Kaapkolonie, 'n getal wat o.a. deur aanstelling van burgerlikes met verloop van die stryd tot 102 aangegroei het. Daarbenewens was daar 'n tweehonderdtal burgerlike veeartse ook betrokke. Aan Boerekant was daar net Theiler in die Zuid Afrikaansche Republiek en Otto Henning in die Republiek van de Oranje Vrijstaat. Arnold Theiler, wat die rang van luitenant in die Switserse leër beklee het, het by die Boeremagte aangesluit en is benoem tot offisier in die Staatsartillerie (Du Toit & Jackson 1936 Hierdie Tydskrif 7:135). Hy was toegerus met 'n mobiele veldhospitaal, deur muile getrek, en het aan die beleg van Ladysmith deelgeneem. Na die ontset en oorskakeling na guerillaoorlogvoering, het Theiler op eie versoek sy ontslag van genl. Louis Botha gekry en kon hy sy werk by die Daspoortlaboratorium weer opneem (Theiler, Gertrud 1971 *Arnold Theiler 1867-1936: His Life and Times*. Publikasies van die Universiteit van Pretoria, Nuwe Reeks 61. pp. 5-6). Otto Henning, Gouvernements Veearts te Bloemfontein, was saam met die Vrijstaatsche Commando by die beleg van Ladysmith (Theiler, Gertrud 1978 Persoonlike mededeling.) Kol. H. Watkins-Pitchford was in Ladysmith en Frank Verney was met een van die ontsettingskolonne (Theiler, Gertrud 1978 *loc. cit.*). So het die eertydse runderpeskollega's teenoor mekaar te staan gekom. Red.

Met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 was die Britse veeartsenydienste swak georganiseer*. Vanaf 1899 het die *Army Veterinary Department* onder die *Remount Department* geval. Die Direkteur van *Transport and Supply* in Kaapstad is aangestel as hoof van die *Remount and Veterinary Services.* Veldhospitale is van Indië na Suid-Afrika gestuur. Teen die einde van Mei 1903 was daar 50 veldhospitale en 'n Basis-veeartsenyhospitaal by Elandsfontein. 'n Remontedepot is by Mooirivier in Natal gestig. Die *Army Veterinary Department* se personeel het teen die tyd uit 63 offisier-veeartse, 113 siviele veeartse en 4 371 ander range bestaan. Aan Britse kant is 'n totale verlies van 326 073 perde en 51 399 muile gely[13].

Die *Natal Volunteer Veterinary Corps,* wat in 1899 net voor die uitbreek van die oorlog gestig is, het na die oorlog bly voortbestaan[3]. In 1902, na die Tweede Vryheidsoorlog, is die *Transvaal Volunteers* gestig en regimentsveeartse aangestel. Die *Transvaal Veterinary Corps* is in 1909 gestig[2].

In 1912, met die instelling van die Unie-Verdedigingswet, was daar slegs een offisier-veearts in diens van die Koloniale Staande Mag. Hy was J.B. Collyer, inspekteur en veearts van die *Natal Police.* In 1913 is hy na die Unieverdedigingsmag oorgeplaas en na Engeland vir verdere opleiding by die *Army Veterinary Corps* gestuur. In 1914 is die Veeartsenyhospitaal by Tempe gekoop en Collyer is in bevel van die diere by die Militêre Opleidingskool aldaar geplaas. Die stigting van 'n sentrale Veeartsenyskool by die Veeartsenyhospitaal is aan hom opgedra[9]. Daar is egter nie dadelik vordering gemaak met die organisasie van die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens nie. In sy jaarverslag van 1913 meld die Stafoffisier van Administratiewe Dienste, onder wie veeartseny-aangeleenthede geressorteer het, dat daar nog nie vordering gemaak is met die organisasie nie, en nie voor 1914 daarmee begin sou word nie[14].

EERSTE WÊRELDOORLOG

Stigting en organisasie van die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens (SAVD)

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die Staande Magseksie van die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens uit slegs drie lede bestaan. Hulle was kaptein J.B. Collyer, wat toe siek was, een onder-offisier en een siviele stoorman. Daar was slegs 8 000 diere op die sterktetabel.

Die organisasie van 'n veeartsenydiens het op 23 Augustus 1914 'n aanvang geneem, toe kolonel J. Irvine-Smith opdrag ontvang het om in raadgewende hoedanigheid behulpsaam te wees met die organisasie van 'n veeartsenydiens om die ekspedisiemag na Duits-Suidwes-Afrika te vergesel.

Die organisasie het besonder blot verloop. Binne twee ure is die dienste van J.G. Bush, aan wie die tydelike rang van kaptein toegeken is, verkry om kaptein Collyer se pligte oor te neem. Ses bykomende veeartse is aangestel om in Kaapstad by die Unieverdedigingsmag aan te sluit. Verder is reëlings getref om die uitgeputte voorraad medisyne en ander veeartsenyvoorrade aan te vul. Remontedepots is ook gestig.

Irvine-Smith is op 1 September aangestel as Direkteur, Veeartsenydiens van die Unieverdedigingsmag. Op 8 Oktober 1914 is Goewermentskennisgewing no 1714 in die Staatskoerant gepubliseer. Hiervolgens sou die SA Veeartsenydiens uit 'n Staande mag (Staf)-seksie, 'n Burgermagseksie en 'n Vrywilligerseksie bestaan.

Die uitbreek van die Rebellie het die vraag na veeartsenydienste vergroot en die organisasie verhaas. Binne sewe weke is agt basis-veeartsenyhospitale en 15 mobiele veeartsenyseksies gestig en veeartsenypersoneel vir alle berede eenhede, remonte- en vervoerdepots aangestel, asook verskepingspersoneel en lede vir die aankoperade; personeel is opgelei, toegerus en uitgeplaas. Werwing is by die Basis-veeartsenydepot in Booysens, Johannesburg, onder kaptein W.H. Andrews gedoen. Die Veeartsenyvoorrade, wat voor die oorlog by Tempe gestasioneer was, is na Kaapstad verskuif. Die Hoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens was in Johannesburg gesetel. Binne 'n kort tyd is die aantal diere na 160 000 uitgebrei en die veeartspersoneel na 47 offisier-veeartse, 450 onderoffisiere en 750 Swartes. Die addisionele taak om diere, vleis vir inmaakdoeleindes, en die verwerking van spek te inspekteer, is aan Veeartsenydiens opgedra. Die voer vir diere moes ook geïnspekteer word. Kaptein J.G. Busch is op 13 September as Assistent-direkteur, Veeartsenydiens aangestel.

Vanaf Augustus 1914 tot Januarie 1916 is 65 159 diere deur die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens in hospitale behandel. Hiervan het 6 100 gevrek en 'n verdere 15 862 het gevrek of is van die gras gemaak weens uitputting en siektes. Die totale syfer van 21 926 is uitermate hoog in vergelyking met die van ander leërs in ander veldtogte.

Rebellie en veldtog in Duits-Suidwes-Afrika*

Voor die uitbreek van die Rebellie was no 1, 3, 4 en 5 Veeartsenyhospitale onderskeidelik by Prieska, De Aar, Luderitzbucht en Kaapstad gestasioneer en die basisdepot by Kaapstad. Die uitbreek van die Rebellie het 'n verskuiwing van bestaande mobiele seksies en die stigting van nuwes genoodsaak. No 8 Veeartsenyhospitaal is in Pretoria opgerig. Na die rebellie is no 3 Veeartsenyhospitaal vanaf De Aar na Walvisbaai en no 8 Veeartsenyhospitaal na Swakopmund verksuif. Die Duitse Veeartseny-Instituut by Gamams in Duits-Suidwes Afrika is deur die Suid-Afrikaanse veeartsenydiens beset en 'n groot hoeveelheid waardevolle medisyne en materiaal is verkry. Gedurende die Rebellie en veldtog in Duits-Suidwes-Afrika het die Direkteur, Veeartsenydiens uitgebreide inspeksietoere onderneem om gladde werking van dié diens te verseker.

Die Suid-Afrikaanse Veartsenydiens het hom gedurende die Rebellie en aanvanklike veldtog in Duits-Suidwes goed van sy taak gekwyt. Die Oostelike en Sentrale Magte het tydens die opmars na Duits-Suidwes geringe verliese gely. Doeltreffende voorsorgmaatreëls het verhoed dat diere van die Oostelike Mag tydens die trek deur die miltsiektegebied tussen Kimberley en Kuruman besmet word. Elke eenheid is vergesel van 'n veeartseny-afdeling. Nogtans het die diere se toestand versleg weens gebrek aan voldoende rantsoene. Voor-veeartsenyhospitale is by Kuruman en Boesmansputs gestasioneer. Die Basis-veeartsenyhospitaal van die oostelike Mag was by Kimberley.

Die Sentrale Mag het sy Basishospitaal by Luderitzbucht gehad. 'n Gebrek aan water het tot probleme

*Sien ook Dunning, F.J. 1936. Hierdie Tydskrif 7:7. Red.

gelei. Gekondenseerde seewater en water wat per skip vanaf Kaapstad vervoer is, moes in die behoeftes van die diere voorsien. Vier-en-veertig diere is tot niet gemaak weens droes. Verdere verspreiding van die siekte is deur streng toepassing van die malleintoets afgeweer.

Die Suidelike mag, onder luitenant kolonel Manie Maritz, was op Upington gestasioneer. Majoor Bush, Assistent-direkteur, Veeartsenydiens, het in September opdrag ontvang om hom by Maritz aan te sluit. Ten spyte van 'n aantal siek diere, was die algemene toestand van die diere baie goed.

Gerugte van rebellie het die atmosfeer in die kamp vertroebel. Die Lojaliste het bestaan uit die offisier-veearts, transport-offisier en die maxim-kanonseksie. Met Maritz se vertrek na Van Rooisvlei, is Bush, as senior offisier, in beheer van die kamp by Upington gelaat. Bush het die bevel, wat 'n paar dae later van Maritz gekom het om al die diere onder sy beheer na Van Rooisvlei aan te stuur, verontagsaam. Gedurende die volgende paar weke is Bush geheel en al in vegtende hoedanigheid gebruik. Hy was in bevel van die verdedigingswerke aan die westekant van die dorp. Op 25 Oktober het Bush na Kakamas vertrek om 'n basis-veeartsenyhospitaal op te rig. Die verloop van die Rebellie in die Transvaal en Vrystaat het egter sy planne verydel. Die perde onder sy beheer het koliek en laminitis opgedoen weens die gebruik van koring om hulle voer aan te vul.

Kaptein W.H. Andrews het op 17 November 1914 op Upington met no 1 Veeartsenyhospitaal aangekom. Kort daarna het hy met 'n mobiele veeartsenyseksie na die brigade onder kolonel Bouwer, wat teen generaal Kemp van die Rebelle geveg het vertolk. Die seksie het 'n groot aantal diere gered wat langs die pad deur Kemp sowel as die Lojaliste agtergelaat is. Kaptein D.B.J. McCall is vanaf 23 November in bevel geplaas van die basis-veeartsenyhospitaal, wat op Upington opgerig is.

Na die operasie teen generaal Kemp was die diere in 'n uiters swak kondisie. Die toestand het verder verswak deurdat die diere feitlik op Upington vasgekeer was vanweë die Rebelle se voortdurende teenwoordigheid in die omgewing. Verder het die vol Oranjerivier verhinder dat ratsoene die diere op Upington bereik. Vroeg in Februarie 1915 is die Rebelle tot oorgawe gedwing en kon die diere weer voldoende voer ontvang.

Die 4de Berede brigade, met Mobiele Seksie "F" onder kaptein P.R. Viljoen, het in Maart 1915 by Upington aangekom en voorbereidings is getref vir 'n algemene opmars na Duits-Suidwes-Afrika. Die Suid-Afrikaanse veeartsenydiens is as volg vir die veldtog ingedeel:

Majoor J.G. Bush – Assistent-direkteur, Veeartsenydiens
4de Berede Brigade – Kaptein P.R. Viljoen en 'n mobiele veeartsenyseksie
11de Berede Brigade – Kaptein Strachan en 'n mobiele veeartsenyseksie
Transport – Kaptein Kellett en veeartsenytroepe
Basis-veeartsenyhospitaal, Upington – Kaptein D.B.J. McCall.

Majoor Bush het op 10 Maart op 'n uitgebreide inspeksietoer vanaf Upington vertrek. Droes het onder die diere van die Suidelike Mag uitgebreek, gevolglik het hy opdrag gegee dat alle perde en muile by hulle aankoms op Upington aan die malleintoets onderwerp moes word. Majoor Bush was vanaf 24 November 1915 in bevel van veeartsenydiens op Upington, tot met die sluiting van die basis-veeartsenyhospitaal in Januarie 1916. Tot en met die 16de Januarie 1916 is 25 454 diere hier getoets, waarvan 810 tot niet gemaak moes word. Dieresiektes wat onder die Suidelike Mag voorgekom het, was droes, brandsiekte (1 648 gevalle), miltsiekte (12 gevalle), lymfangitis (5 gevalle), nuwesiekte (459 gevalle), perdesiekte, omloop, piroplasmose (4 gevalle), longontsteking (51 gevalle), sandkoliek (59 gevalle), enteritis, wonde en beserings.

Die eerste gedeelte van die Noordelike Mag, waaronder 2 000 diere, het op 26 Desember 1914 in Walvisbaai geland. Die totale aantal diere wat na Walvisbaai verskeep is, het 43 000 beloop. majoor G.W. Lee is in beheer geplaas van die veeartseny-organisasie vir die verskeping van diere. Streng voorsorgmaatreëls is getref om die welsyn van die diere te verseker.

Drie maande het verloop voor die aanvang van die algmene opmars na die noorde. Tydens die wagtydperk by Walvisbaai en Swakopmund het die diere genoeg water en rantsoene ontvang. Sandkoliek het voorgekom, maar is onder beheer gebring. Ander siektes wat in hierdie tydperk voorgekom het, was longontsteking, nuwesiekte, omloop, perdesiekte, galkoors, influensa, droes, neusslymviesontsteking, purpura, laminitis, mankheid weens gebrekkige hoefysters, en seer rûe.

Met die aanvang van generaal Louis Botha se opmars vanaf Swakopmund, was die diere in 'n uitstekende kondisie. Ten spyte van woestyntoestande en gebrek aan rantsoene, het min vrektes voorgekom. Groot getalle diere het egter weens uitputting uitgeval en is na Karibib teruggestuur.

Ten tye van die Tweede Opmars was verskeie brigades langs die spoorlyn van Usakos na Windhoek gestasioneer. Elke brigade was vergesel van 'n veeartsenyseksie. In die ses weke wat tussen die besetting van Windhoek en die aanvang van die opmars verloop het, is probleme ondervind om voer vanaf die kus na die diere te vervoer. Die diere was gevolglik nie in 'n baie voedingstoestand nie. Ongeveer 10 000 verswakte diere is agtergelaat, 7 000 daarvan in die omgewing van Windhoek. Die diere het aan die Suidelike mag en 3de Brigade behoort. Gebuite Duitse perde het die diere met droes aangesteek.

Die veeartseny-organisasie van die Noordelike Mag was as volg:

Majoor Lee, Assistent-direkteur, Veeartsenydiens, Noordelike Mag, Windhoek
1 Offisier-veearts – Veeartsenyseksie, Windhoek
1 Offisier-veearts – Veeartsenyseksie, Klein-Aukas
1 Basis-veeartsenyhospitaal, Walvisbaai
4 Offisier-Veeartse en Mobiele Seksies by die vier berede Brigades
1 Offisier-veearts – Artillerie
1 Offisier-veearts – *Imperial Light Horse*
1 Offisier-veearts – *Infantry Brigade.*

Op 9 Julie 1915 het die Duitse magte by Khorab naby Otavifontein oorgegee. Die Suid-Afrikaanse troepe is gelas om onmiddellik na die Unie terug te keer en hulle diere agter te laat. Daardie diere moes dan by depots vir hulle terugkeer na die Unie versamel word. Die diere, wat totaal uitgeput was, is oral in die veld agter gelaat waar die mobiele seksies van die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens hulle soms eers 'n week of tien dae later kon bereik. Versamelpunte en konsentrasiekampe vir diere van die Noordelike Mag is by Otavi-

fontein, Kalkfontein, Omaruru, Karibib, Usakos, Klein-Aukas, Okahandja en Windhoek opgerig, en vir die Suidelike Mag by Rehoboth, Keetmanshoop en Kune. Teen daardie tyd was daar ongeveer 60 000 diere in die protektoraat. 'n Onderbreking in spoorwegdienste het katastrofiese gevolge vir die diere gehad. Voer wat per spoor van die kus aangestuur moes word, kon die diere nie bereik nie. Tussen Julie en Oktober 1915 het die diere in groot getalle gevrek of so verswak dat dit maande geneem het voor hulle weer herstel het.

Die Remonte-owerhede het besluit om die diere op plase te versprei waar hulle weiding kon kry, maar die diere was te swak om die afstande af te lê. Duisende het weens honger gevrek en nog duisende moes geskiet word.

In Augustus het die Direkteur begin met 'n inspeksietoer. In Windhoek het hy pogings aangewend om voer by die diere te kry, maar sonder sukses. Dit was die taak van die Remonte-owerhede in die protektoraat om met die diere na die voer by die kus te trek. Die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens het pligsgetrou volhard in hulle stryd om siektes te bekamp – 'n taak wat hulle onder moeilike omstandighede suksesvol uitgevoer het. Ses duisend diere is dood weens honger en siektes. Ook die trekdonkies het onder droes deurgeloop. In sy jaarverslag het die Direkteur die hoogste waardering betuig vir die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens in hierdie tyd. Persone wat spesiale vermelding verdien het, is kaptein Joyce van Swakopmund, kaptein Dunning van Windhoek, kaptein Andrews van Kaapstad en kaptein McCall van Kimberley.

Die Direkteur het sy inspeksietog op 27 Augustus by Prieska afgesluit en na Hoofkwartier teruggekeer. Die volgende depots is ontbind: Standerton en Tweespruit se Remonteplase, Tempe, De Aar, Draghoender, Border, Potsdam, Mellih's Farm, Parow, Papkuil Farm, Boesmansputs, Kuruman, Warrenton, Veertienstrome en Kroonstad. Die Basis-veeartsenystoor is van Kaapstad na Johannesburg verskuif.

Op 10 Desember 1915 is afgekondig dat die volgende tydelike Burgermageenhede ingestel is:

Militêre distrik no 1 – No 1 Mobiele Veeartsenyafdeling, SAVD
Militêre distrik no 2 – No 2 Mobiele Veeartsenyafdeling, SAVD
Militêre distrik no 3 – No 3 Mobiele Veeartsenyafdeling, SAVD
Militêre distrikte no 4 en 5 – No 4 Militêre Veeartsenyafdelings, SAVD
Militêre distrik no 6 – No 5 Militêre Veeartsenyafdeling, SAVD
Militêre distrik no 7 – No 6 Mobiele Veeartsenyafdeling, SAVD
Militêre distrik no 8 – Hoofkwartier, SAVD, 1 Veeartsenyafdeling, SAVD.

'n Basiesdepot van veeartsenybenodigdhede onder benaming no 1 Basisdepot, Veeartsenybenodigdhede.

In Januarie 1916 is 'n konferensie op Upington belê om te besluit oor die sluiting van alle remontedepots in Duits-Suidwes-Afrika, en die oorhandiging van 'n veeartseny-, transport- en remonte- organisasie aan die burgerlike owerhede. Op 17 Januarie is die Basis-veeartsenyhospitaal by Upington en op 19 Januarie dié by Kaapstad gesluit. By no 5 Basis-veeartsenyhospitaal in Kaapstad is 'n diptenk opgerig waar daar altesaam 28 432 diere gedip is.

Aan die einde van die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika het daar in Suid-Afrika 'n veeartsenydiens bestaan wat nie alleen voldoen het aan die vereistes van die Unieverdedigingsmag nie, maar ten volle vir verdere noodgevalle toegerus was. In Maart 1916, toe kolonel Irvine-Smith uitgetree het, het no 1 Basis-veeartsenyhospitaal, een Basis-depotveeartsenystoor en 12 mobiele veeartsenyseksies vir diens aan die militêre distrikte van Suid-Afrika bestaan. Vanaf 1 Maart 1916 het majoor J.G. Bush, wat tydelik bevorder is tot luitenant-kolonel, by Irvine Smith as Direkteur Veeartsenydiens oorgeneem.

Veldtog in Duits-Oos-Afrika

Drie veeartsenydienste het deel gehad aan die veldtog in Duits-Oos-Afrika, nl. die *East African Veterinary Corps,* die *Army Veterinary Corps* en die Suid-Afrikaanse veeartsenydiens. Teen die einde van die oorlog is die *African Native Veterinary Corps* in Duits-Oos-Afrika georganiseer. Min gegewens is egter oor die aandeel van die SAVD in dié veldtog beskikbaar.

In Augustus 1915 het die SAVD begin om diere vir diens in Oos-Afrika te keur. Muile van die *Nyassaland Mountain Battery* en die SA Veldartillerie is deur die SAVD teen perdesiekte geïmmuniseer. Veeartsenyeenhede, wat opgerig is vir die veldtog in Oos-Afrika, was:

2 basis-veeartsenyhospitale en store
1 basis-veeartsenystoor
1 voorbasis-veeartsenyhospitaal
3 mobiele veeartsenyseksies
Offisier-veeartse en troepe vir vier berede eenhede in die veld
Troepe vir ostransport
Offisier-veearts en troepe vir die *SA Field Artillery*
Offisier-veearts vir die *Mountain Battery Nyassaland.*
Verder is 13 offisiere, 262 ander range en 83 Swartes aangestel.

Drie depots is vir die behoeftes van die Oos-Afrika magte geopen, nl by Robertshoogte, Fort Napier en Durban. Alle perde en muile is voor hulle vertrek na die verskillende depots aan die malleintoets onderwerp, en weer by hulle aankoms in Durban, waarvandaan hulle na Oos-Afrika verskeep is. Vanaf Augustus 1915 tot Maart 1916 is 20 000 diere getoets. Elke transportskip is toegerus met veeartsenypersoneel en -voorrade.

Die aankoperade is van offisier-veeartse voorsien. Vanaf Maart 1916 tot Januarie 1917 is 25 792 perde, 19 595 muile en 21 960 donkies vir die veldtog in Oos-Afrika aangekoop. In hierdie tydperk is veeartsenyhospitale na Kimberley, Potchefstroom, Durban, Pietermaritzburg en Robertshoogte uitgebrei. Die SAVD het ook aandag geskenk aan die beheer van aansteeklike siektes soos droes, miltsiekte, lymfangitis en skurfte.

Die lone van ondergeskikte personeel van die SAVD is by dié van die SA Berede Skutters aangepas. Dierevelle by die depots is gesout om verkoop te word. Offisiere van die SAVD het die slagpale en die spekfabrieke by Nelsruste en Pietersburg geïnspekteer. Die Basis-veeartsenystoor is in September 1916 van Johannesburg na Pretoria verskuif.

Die veeartsenypersoneel in Oos-Afrika het onder beheer van die *East African Veterinary Corps* gestaan.

met kol R.J. Stordy as Direkteur, Veeartsenydiens. Meer as die helfte van die offisierveeartse was egter lede van die SAVD.

Die eerste afdeling Suid-Afrikaanse troepe, waaronder twee basis-veeartsenyhospitale en mobiele Seksie "A", het in Desember 1915 by Kilindi aangekom. Nog dieselfde maand het majoor Cannon met no 2 Basis-veeartsenyhospitaal na Maktua vertrek en die res van die veeartsenypersoneel, met majoor W. Joubert as bevelvoerder en kaptein Howie as tweede-in-bevel, na Kajiado. Hier het kaptein A.M. Howie bevel van die Basis-Veeartsenystoor en veeartsenylinies van die *East African Veterinary Corps* oorgeneem. Die kamp was vuil, maar taamlik goed uitgelê, met drie rye stalle. Howie het op 14 Januarie 1916 na Maktau vertrek om no 2 Basis-veeartsenyhospitaal oor te neem. Op dié stadium was dit die voorste kamp. Eers vroeg in 1917 het Howie na die werklike front verskuif. Nuwe linies is na die Duitse onttrekking gestig.

Die Duitsers het hulle terugval roetes slim beplan volgens raad wat hulle veeartse aan hulle bedien het, roetes wat gekies is om oor die gevaarlikste terreine vir diere te gaan. Waarskynlik die gevaarlikste roete was tussen Korogwe en Morogoro, waar die lewensduurte van 'n rydier hoogstens drie weke was. Hierdie strategie het die Britse opmars in totaal sowat 12 000 perde en muile gekos[12].

Gedurende die tydperk Januarie tot Oktober 1916 is 20 144 perde en muile aan die 2de en 3de Divisies uitgereik, en op 11 Oktober 1916 het Howie vanaf Maktua na Korogwe op die Tanga-Moshi-roete vertrek. Sy personeel en toerusting het uit 32 onder-offisiere en manskappe, 28 Kleurlinge en 123 Oos-Afrikaanse inboorlinge, uit ry- en transportdiere en voorrade bestaan. Weens ongesonde toestande is Howie spoedig sonder 'n groot deel van sy personeel gelaat, wat met malaria in hospitale opgeneem is. Ook moes 260 perde weens tripanosomiase van kant gemaak word.

Die depots by Tanga en Korogwe is gesluit en op 24 Desember 1916 het Howie na Kilwa vertrek. Op 8 Januarie 1917 het hy by Kilwa Kivanja aangekom en twee dae later met ses mans, muile en twee oskarre die ongesonde gebied dieper ingetrek. Twee dae later is Mitole bereik. Die veeartsenypersoneel en diere by die kamp was siek, rantsoene vir diere, sowel as behandeling, was onvoldoende en diere moes werk totdat hulle gevrek of tot niet gemaak is. Ook die inboorlinge, wat vir transportdoeleindes ingespan is, het in hulle duisende omgekom. In Maart 1917 is 'n totaal van 5 012 diere verloor.

Die Assistent-direkteur op Kitamba, majoor Jowett, was siek en is op 20 Februarie deur kaptein Howie vervang. Die toestand was uiters haglik en vrekkende en dooie diere het oral rondgelê.

Die depot by Mohoro is deur swaar reën weggespoel en rantsoene vir die diere was min, gevolglik is daar besluit om na Kilwa terug te keer. Howie is van Kilwa per skip na Dar-es-Salaam. In Oktober 1917 keer hy terug na Kilwa en in Maart 1918 na Suid-Afrika. Van die twee offisier-veeartse en 135 ander range wat onder Howie was, het net Howie en vier ander range teruggekeer. Die verlies aan dierelewens tydens die veldtog in Oos-Afrika was buitensporing hoog, selfs in vergelyking met dié van die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika. Die volgende syfers toon die verlies aan perde, muile en donkies[10].

	Totale aantal diere gebruik	Totaal teen einde van oorlog
Perde:	31 000	827
Muile:	33 000	897
Donkies:	34 000	1 402

Hierteenoor was die behandeling van diere in die Unie besonder geslaagd. Die hospitaalstatistieke van diere wat by die depots by Kimberley, Robertshoogte (nou Voortrekkerhoogte), Potchefstroom, Pietermaritzburg en Durban behandel is, is as volg:[10]

	Gevalle Toegelaat	Dood en Doodgemaak	Ontslaan
Perde	16 734	806	15 914
Muile	3 777	161	3 613
Donkies	4 067	312	3 755

Die hoë tol wat siektes aan dierelewens in Oos-Afrika geëis het, kan hoofsaaklik aan die tsetsevlieg toegeskryf word. Min was bekend oor veeartsenytoestande in die operasionele gebied in Oos-Afrika. Al oplossing onder omstandighede was om die gebruik van perde in die tsetsevlieggebiede tot 'n minimum te beperk. Dié beleid was vanaf Maart 1916 nie meer uitvoerbaar nie, en diereverliese het tot 100 % gestyg.

Ander probleme waarmee die veeartsenydiens te kampe gehad het, was die ongeskiktheid van die weiveld in die gebiede waardeur die diere getrek het. Daarbenewens het die ruiters en persone wat met die perde se versorging te doene gehad het, weens die meganisasieproses nie meer oor eersterangse kennis van die hantering van ryperde beskik nie. Ook is daar in baie gevalle nie aandag aan die raad van veeartsenypersoneel geskenk nie. Metodes wat aangewend is om die diere in die tsetsegebiede te beskerm was om in die nag te trek, die slagvee agter in die kolonne te plaas, in oop ruimtes te wei, die gras op die rivierwalle af te brand en uitwendige middels te gebruik. In die noordelike streke van Duits-Oos-Afrika het perdesiekte voorgekom. Die oprigting van depots weg van die kus, rookvure, uitroei van insektebroeiplekke, oprigting van kampe en depots op veilige plekke, en die gebruik van voersakke, is van die metodes wat gebruik is om diere teen die siekte te beskerm. Ander siektes wat voorgekom het, is runderpes, Ooskuskoors en miltsiekte[1].

Die volgende toekennings is deur lede van die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens ontvang:

OBE: Kaptein H.E. Hornby en kaptein A.M. Howie

DSO: Majoor J.G. Busch

MC: Kaptein T.E.M. Jarvis en kaptein C.H. Wadlow

MSM: Sersant-majoor F.G. Andrews, vlugsersant E. Dawson, sersant-majoor T.W. Johnson, staf-sersant W.C. Papenfus, staf-sersant S. Walker[10].

TUSSEN-OORLOGSE TYDPERK

In die tydperk tussen die twee wêreldoorloë het die gebruik van diere in die Unie-Verdedigingsmag afgeneem. Waar daar in 1919 twee offisier-veeartse in beheer van die meer as 1 600 diere by Robertshoogte en die Artilleriebarakke was, het die hele veeartsenypersoneel van die SAVD met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 uit slegs een offisier-veearts, majoor W.S.B. Clapham, en nege ander lede bestaan. Daar was slegs 40 ponies vir vermaaklikheidsdoel-

eindes en 'n aantal transportmuile en artillerieperde op die sterktetabel.

In die twintigerjare is die Unie-Verdedigingsmag gereorganiseer, met behoud van die SAVD (Staande mag – SM – en aktiewe Burgermag – ABM). In 1926 is die militêre distrikte van die Unie van 15 na ses verminder, die SA Berede Skutters is ontbind en die berede artillerie verander na veldartillerie. Die meganisasiebeleid van die dertigerjare het tot 'n verdere afname in die gebruik van diere in militêre verband gelei[11].

In 1920 het die Mediese en Veeartsenyvoorrade saamgesmelt om die Sentrale Mediese en Veeartsenydepot te vorm. In 1922 is besluit om die voorrade saam te laat funksioneer tot in geval van oorlog. Die SAVD het onder die Kwartiermeester-generaal (KMG) geval[15].

In 1921 het majoor Collyer afgetree en is deur luitenant-kolonel J.G. Bush as waarnemende Direkteur, Veeartsenydiens opgevolg[11]. Hoefsmidkursusse is in 1922-3 deur die SAVD by die Veeartsenyhospitaal, Robertshoogte ingestel en vier kandidate het in die eerste kursus geslaag[16]. Die veeartsenyhospitaal by Voortrekkerhoogte is in 1926 gesluit en die personeel na SA Dienskorps vir diens by die Transportdepot oorgeplaas. Siek diere moes in die toekoms in die eenheidslinies behandel word[11]. Die stigting van no 1 Veeartsenyhospitaal (ABM) is in dieselfde jaar gemagtig[17]. In 1927 is die Eerste Mobiele Veeartsenyseksie by Pietermaritzburg gestig en in 1931 na Onderstepoort verskuif. Beide eenhede is in 1936 ontbind[18 19]. Kapteins J.H.R. Bisschop en J.I. Quin se bedankings was grootliks verantwoordelik vir die ontbinding van die eenhede, aangesien Onderstepoort nie meer die opleiding van die eenhede kon behartig nie en geskikte plaasvervangers nie gevind kon word nie. Die meganisasiebeleid het verder tot die ontbinding bygedra.

Luitenant-kolonel Bush het op 31 Mei 1931 as Direkteur, Veeartsenydiens afgetree en is deur kaptein W.S.B. Clapham as offisier-veearts opgevolg. Clapham is in September 1939 op die Reserwelys geplaas[11].

Reeds in April 1939 is op 'n vergadering oor die reorganisasie van die SAVD besluit om dr P.J. du Toit en dr. G.V. d. W. de Kock aan te stel as Direkteur en Adjunk-direkteur, Veeartsenydiens (ABM) onderskeidelik. Beide het dit egter as voorwaarde gestel dat offisier-veeartse van die Staande mag dieselfde professionele toelaag as mediese offisiere moes ontvang. Op dieselfde vergadering is ook oor die stigting van 'n ABM eenheid te Onderstepoort, genoem "A" Kompanie, ooreengekom.

TWEEDE WÊRELDOORLOG

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939, was die Direktoraat, Veeartsenydiens nog nie ingestel nie en is stappe onmiddellik geneem om die direktoraat te stig. Op 4 Augustus is kolonel P.J. du Toit aangestel as Direkteur, Veeartsenydiens en luitenant-kolonel G. V. d. W. de Kock as Adjunk-direkteur. Beide was lede van die ABM en kon nie hulle aandag aan militêre veeartsenysake skenk nie. Majoor A.M. Howie het kaptein Clapham opgevolg as offisier-veearts en die SAVD is onder beheer van die KMG-afdeling geplaas.

Die eerste stap na die aanstelling van die direkteure was die instelling van "A" Kompanie, SAVD (ABM) op 1 September 1939[20]. Die eenheid sou bestaan uit 'n hoofkwartier en vier seksies, maar het in werklikheid nie tot stand gekom voor die aanstelling van kapteins R.A. Alexander en H.P. Steyn van Onderstepoort in Maart 1941 nie. Dié eenheid is op 15 Augustus 1943 ontbind.

Depot Kie, SAVD (ABM) is op 1 April 1940 opgerig en toegewys aan Kommandement Voortrekkerhoogte en Transvaal[21]. No 1 en 2 Veeartsenyhospitaalseksies is in September 1939 gestig en by Standerton-Remontedepot gestasioneer. No 3 Hospitaalseksie is by Ladysmith opgerig, met 15 November 1940 as stigtingsdatum.

Die personeel van die SAVD het vinnig uitgebrei en in Mei 1940 was daar reeds 'n totaal van 425 lede. Vroeg in 1940 is besluit om die Adjunk-direkteur, luitenant-kolonel De Kock, oor te plaas na die Reserwe en luitenant-kolonel C.J. van Heerden in sy plek aan te stel. Majoor A.M. Howie van die Staande Mag is as Assistent-direkteur, Veeartsenydiens aangestel. In Desember 1940 is die addisionele taak van vleis- en melkinspeksie ook aan die Direktoraat opgedra. Vier motorambulanse is ook verkry.

Met die besluit om 'n berede divisie in die Unie op te rig, het die instelling van 'n Direktoraat, Remontediens noodsaaklik geword. Luitenant-kolonel J.G. Bush is in Februarie 1940 aangestel as Assistent-direkteur, Transport (Diere) en later dieselfde jaar as Direkteur, Remontediens. Aankoperade is aangestel en remontedepots te Voortrekkerhoogte (voorheen bekend as Robertshoogte), Standerton en Ladysmith opgerig. Die depot by Voortrekkerhoogte is in November 1940 na Mooiplaas op die Krugersdorppad verskuif. Weidingsplase is later by Andulusia en Vaalhartz ingestel. Die aankope van perde het in Junie 1940 'n aanvang geneem. Op elke aankoperaad het 'n offisier-veearts gedien*. Perde en muile is aan die 1st Berede Kommandodivisie by Ladysmith, die Suid-Afrikaanse Geniekorps, 1ste Mortierpakbattery en die SA Seinkorps uitgereik. Aanvullend tot die verskaffing van diere aan die Unieverdedigingsmag (UVM), is die Remontediens ook versoek om perde, muile en donkies aan die Britse en geallieerde magte te verskaf. Op 15 Maart 1941 is 20 muile na Oos-Afrika verskeep. 'n Bestelling is van die Griekse leër ontvang, maar voor dit uitgevoer kon word, het die Griekse regering tot 'n val gekom. Bestellings uit die Midde-Ooste en Indië is egter uitgevoer.

Die pligte van die Direktoraat, Veeartsenydiens het die volgende behels: die verskaffing van offisier-veeartse en hoefsmede vir aankoperade, ondersoek, immunisering, hospitalisasie en beslaan van perde. In die algemeen was die Direktoraat verantwoordelik vir die algemene welsyn van diere, vervoer van siek diere,

*Asook een of twee hoefsmede en remontepersoneel. Remonte is volgens militêre spesifikasies gekeur en pryse volgens verdedigingsmagstipulasies aan boere en perdehandelaars betaal, wat hul diere in antwoord op uitgebreide advertensies na bepaalde aankooppunte – gewoonlik 'n spoorwegsylyn – gebring het. Nommers is op die linkerboud en linkerhoef gebrand en op die tandvleis getatoeëer. Die Weermag het bykans 90 % van die perde van die S.A. Polisie, wat oor 'n remontekamp te Kamferdam en oor 'n teelplaas beskik het, oorgeneem. Die bekende perdeteler, Solly Diamond, het ook 'n aansienlike deel van die perde verskaf. Persoonlike mededeling: AO I.W. Paulsen. (Hy was vanaf Februarie 1941 aan die S.A. Mortierpakbattery van die S.A. Berede Brigade te Ladysmith verbonde en het diens in Madagaskar gedoen. Vanaf November 1941 tot Februarie 1942 was hy verbonde aan die SAVD.

veeartsenystore en toerusting en oprigting van stalle vir veeartseny-eenhede.

Oorsig van werksaamhede van die Direktoraat in die Unie

Depot Kie (V), SAVD was op Voortrekkerhoogte gestasioneer en was verantwoordelik vir die opleiding van veeartsenypersoneel en hoefsmede**. Kaptein A.R. Thiel was die bevelvoerder en kaptein H.H. Curson in bevel van die Kleurlingseksie was as hoefbeslaners en staljongens opgelei is. Die eerste remontedepot is in 1940 op Voortrekkerhoogte opgerig. Die diere van die depot is deur Depot Kie as opleidingsmateriaal gebruik. In 1940 was die gemiddelde maandelikse sterkte van Depot Kie meer as 300 lede. In dieselfde jaar is 561 perde en muile behandel. 'n Epidemie van nuwesiekte het onder die diere uitgebreek en van September tot Desember 1940 is 273 gevalle behandel.

In 1941 is 307 algemene gevalle tot Depot Kie toegelaat. Die maandelikse personeelsterkte was 260. Binne vyf maande is meer as 7 000 diere se reeksnommers op hulle tandvleise getatoeër. Depot Kie was in die jaar ook behulpsaam met die opleiding van lede van die eerste Veldeskadron (Berede) van die Suid-Afrikaanse Geniekorps. Een offisier-veearts en 13 ander range het die eksadron na Ladysmith vergesel.

No 4 Dieretransport-subdepot is in 1942 by Voortrekkerhoogte gestig met ongeveer 300 transportdiere. Depot Kie het omgesien na die welstand van die diere en het die personeel geadministreer. In September is Depot Kie se naam verander na no 1 Reserwe Personeelopleidingsdepot (V), SAVD en no 1 Veeartsenyhospitaal (V), SAVD. In November 1942 is die eenheid amptelik ontbind.

No 1 en no 2 Hospitaalseksies (V), SAVD moes die Hoofremontedepot, wat op 1 Augustus 1940 by Standerton gestig is, bedien. Majoor L.L. Daly was in bevel. Die volgende jaar is hy deur kaptein J.W.A. Brookes opgevolg. Die twee hospitaalseksies het gedurende hulle bestaanstydperk heelwat probleme ondervind om voldoende personeel te verkry. Betrekkinge met die Remontedepot is vertroebel toe die hospitaalseksies ondergeskik gestel is aan dié depot. As gevolg hiervan het die administrasie, veral aan die begin, nie na wense verloop nie. Gevalle van nuwesiekte, brandsiekte, koliek, oftalmie, longontsteking en beserings is daar behandel. Met die ontbinding van die Berede Divisie in 1942 het die twee hospitaalseksies oorbodig geword en is op 30 September 1942 ontbind.

In November 1942 is die SAVD in 'n Hoofkwartier in Pretoria, no 1 Veeartsenyhospitaal, Voortrekkerhoogte, en no 2 Veeartsenyhospitaal, Standerton gereorganiseer. Die hoefbeslaanpersoneel van no 1 Remontedepot is by die personeel van no 2 Veeartsenyhospitaal gevoeg. No 2 Veeartsenyhospitaal was op Standerton gestasioneer tot met die ontbinding van no 1 Remontedepot in Desember 1943. Op 9 Desember is die hospitaal oorgeplaas na Premiermyn om no 1 Dieretransportdepot te bedien.

No 3 Veeartsenyhospitaalseksie (V), SAVD is op 18 September 1940 by Ladysmith in Natal gestig met kaptein W.G. Barnard as bevelvoerder. Die personeel het uit 32 lede bestaan. Die Eerste Berede Kommandodivisie onder brigadier-generaal H.N.W. Botha is by Piet Retief opgelei en vanaf Januarie 1941 by Ladysmith gestasioneer. Die eerste besending van 1 197 perde is op 19 September, die dag na die stigting van die hospitaalseksie, na Ladysmith gestuur*. Dit het 'n groot las op no 3 Hospitaalseksie geplaas. Later dieselfde maand is die getal perde na 'n totaal van 1 919 vermeerder. Die hospitaalseksie was nie ingerig om so 'n groot hoeveelheid te hanteer nie, en die personeel het slegs uit hoefsmede bestaan.

In Januarie 1941 is die oorblywende lede van die 1ste, 2de, 3de, 4de en 6de Berede Kommando-Regimente verander in die nuwe 1ste, 2de en 3de Berede Kommando-Regimente en veeartsenypersoneel is by die regimente gevolg. In dié jaar het 'n epidemie van perdesiekte uitgebreek. Die diere is egter die vorige tien maande geïmmuniseer en min skade is gely**. Ten spyte van die omstandighede waaronder hulle moes werk, het die personeel van no 3 Veeartsenyhospitaalseksie hulle goed van hulle taak gekwyt. Op 13 September 1941 is die seksie gesluit. Die bevelvoerders was kaptein Barnard (twee keer), kaptein M.C. Robinson en kaptein J.L. Dickson. 'n Totaal van 1 689 gevalle is hier behandel.

Vanaf Junie 1940, met die vorming van ses berede eenhede, was die SAVD verantwoordelik vir die versorging en beslaan van perde van dié eenhede, die remontedepots en loopgraafmortier-pakbatterye. Soos vermeld (P 304) was die Mediese en Veeartsenyvoorrade lank voor die oorlog onder die benaming Sentrale Mediese en Veeartsenyvoorrade gekombineer. Op 4 Februarie 1941 is Basis-veeartsenyvoorrade onder beheer van die Adjunk-direkteur, Veeartsenydiens op Voortrekkerhoogte gestig. Met die aanstelling van 'n kwartiermeester, luitenant Steenkamp, en 'n assistent, in 1942, is die voorrade direk vanaf Voortrekkerhoogte beheer. Die vernaamste funsies van die eenheid was die verskaffing van medisyne en benodigdhede aan veeartsenyhospitaalseksies en remontedepots, asook aan berede eenhede en diere wat na Mombasa, die Midde-Ooste en Indië verskeep is. Toerusting vir die vleis- en melkinspekteurs het ook van Veeartsenyvoorrade gekom; dié afdeling het na die samesmelting van Veeartseny- en Remontedienste in 1942 bly voortbestaan.

**Weens die algemene tekort aan hoefsmede, is etlike oudgediendes van die Britse kavallerie uit die Tweede Vryheidsoorlog, manne om en by hul sestigerjare, gerekruteer. AO I.W. Paulsen, Weermagskollege, Voortrekkerhoogte.

*Hulle is na die remontekamp by Dragoon Hill by die buitewyke van Ladysmith geneem. AO Paulsen.

**Volgens AO Paulsen was die sterftesyfer aan perdesiekte gedurende 1940 ongeveer 1 000, gedurende 1941 ongeveer 700 en in 1942 om en by 300. Etlike sterftes a
aangesien die suiping by 'n rivier naby die kamp was. No 3 Hospitaalseksie het dag en nag gewerk om sand per hand uit die perde se derms te krap. Gedurende hierdie periode het 'n stormwind die tentekamp totaal verwoes en ongeveer 150 perde is deur weerlig doodgeslaan. Op 'n Sondagmôre is al die perde op bevel van hul tuiertoue losgemaak en onder toesig van 'n vyftigtal berede wagte na die rivier geneem om te graas en te rol. Omdat hy wou gaan swem, het een van die wagte sy perd aan 'n boomtak vasgemaak. Die perd het geskrik, losgebreek en 'n stormloop onder die loslopende perde veroorsaak. Tevergeefs het die wagte die perde probeer keer. Ewe tevergeefs was 'n sarsie skote onder die voorlopers. In aller yl is die tentekamp ontruim, voordat dit deur die stormende horde platgevee is. Die stormloop is deur Ladysmith – ongevalle en skade onbekend – en tot drie maande later is perde nog gevind, sommiges selfs in die omgewing van Estcourt.

Die Direkteur, Veeartsenydiens was vanaf 1941 verantwoordelik vir die inspeksie van vleis vir militêre gebruik. Later dieselfde jaar is beheer oor melk in die Unie ook aan die SAVD opgedra. Offisiere is na verskillende sentra in die land uitgeplaas en het waardevolle diens gelewer. Waar burgerlike owerhede en offisier-veeartse nie ooreenstemming kon bereik oor die geskiktheid van voedsel nie, is bepaal dat die mening van die offisier-veearts beslissend moes wees. In Mei 1943 is goedkeuring verleen vir die instelling van 'n Vleis- en Melkinspeksieseksie, bystaande uit 10 offisiere en 10 ander range. Depots is oral in die Unie gestig. Vanaf Januarie 1946 is die beheer oor melk en vleis weer aan burgerlike owerhede oorhandig.

Op 7 Mei 1942 het die Direktorate Veeartsenydiens en Remonte saamgesmelt om die Direktoraat, Veeartseny- en Remontediens te vorm. Kolonel P.J. du Toit is aangestel as Direkteur en luitenant-kolonel C.J. van Heerden as Adjunk-direkteur. Die meganisasie van berede eenhede en die ontbinding van remontedepots by Mooiplaas en Ladysmith het 'n groot aantal personeellede van die SAVD oorbodig gelaat. Daar is egter besluit om hulle op die diensstaat te behou in geval berede eenhede weer opgerig word. Op 20 September 1944 is alle lede van die Remonte- en Veeartsenydiens wat nog onder die K Dienskorps geval het, onder die SAVD verenig. Twee assistent-direkteure is aangestel, naamlik majoor H. Warnock-Fielden vir Remontediens en majoor A.M. Howie vir Veeartsenydiens. Luitenant-kolonel Van Heerden is in 1944 deur majoor J. Zwarenstein as Adjunk-direkteur opgevolg en majoor Warnock-Fielden deur luitenant G. Marriott, wat aangestel is as stafoffisier, SAVD. In dié jaar is die SAVD se organisasie ook opgeknap en uitgebrei en die dierekords op datum gebring.

Weens die toetrede van Japan tot die oorlog en 'n tekort aan rubber- en petroleumprodukte wat ondervind is, moes die gebruik van motorvervoer in die Unie verminder word. Om noodsaaklike militêre dienste te handhaaf, is besluit om van dieretransport gebruik te maak. Op 19 Maart 1942 is die eerste Dieretransport- en Remontedepot by Voortrekkerhoogte geopen. Die depot se naam is in 1943 na no 4 Dieretransport-subdepot verander en onder beheer van no 1 Dieretransportdepot, Premiermyn geplaas.

Die aanvanklike sterkte van die depot was twee blankes en 38 nie-blankes, ses waens, 20 karre en 110 muile. Later is die sterkte uitgebrei na sewe blankes, 126 lede van die *Cape Corps* en 250 perde en muile. Tot September 1943 was die gemiddelde maandelikse vrag wat gekarwei is 3 600 ton en die afstand afgelê 12 000 myl. Die depot is op 31 Oktober 1945 ontbind.

Die Voertuigonderhoudseenheid, SAVD, is op 11 November 1942 by Voortrekkerhoogte onder luitenant Farndell opgerig. Lede van die SAVD, wat ondervinding gehad het van grofsmidwerk, moes sorg vir die instandhouding van trekvoertuie. Die personeel het tot in September 1944 onder KMG geval, toe hulle na die SAVD oorgeplaas is. Die eenheid was verantwoordelik vir die instandhouding van buitebande en trekvoertuie, asook vir die bou van nuwe voertuie op motoronderstelle. Die eenheid is op 31 Oktober 1945 gesluit.

Verdere Dieretransportsubdepots is in 1942 en 1943 gestig, naamlik no 2 Dieretransportsubdepot by Ladysmith, no 3 by Piet Retief, no 5 by Potchefstroom en no 6 by Tempe. No 1 Dieretransportdepot by Premiermyn is op 15 Februarie 1943 gestig en was die hoofdepot. Die werksaamhede het hoofsaaklik uit die vervoer van militêre voorrade en personeel bestaan. Die bevelvoerders was kaptein C.A. Allies en kaptein A.S. Warren. Op 18 Maart 1946 is die eenheid ontbind.

No 1 Veeartsenyhospitaal, Voortrekkerhoogte (V) het op 30 September 1942 tot stand gekom met die ontbinding van Depot Kie. Die hospitaal het as opleidingsentrum gedien vir die veeartsenypersoneel en die versorging van siek diere in die gebied. Kaptein H.H. Curson was in beheer van die opleiding. Die gemiddelde maandelikse personeel sterkte in 1942 was ongeveer 200. In die jaar is 357 perde en muile tot die hospitaal toegelaat. Hiervan is 348 weer ontslaan. In 1943 is Curson deur kaptein B.M. Horwitz, en deur kaptein J. Zwarenstein later dieselfde jaar opgevolg. Drie-honderd gevalle is in 1943 toegelaat, waarvan 265 ontslaan is. Die personeel het ook troeteldiere van die omgewing behandel. Vanaf Januarie 1944 tot Mei 1945 is 661 perde en muile behandel, waarvan 561 ontslaan is. Die eenheid is op 30 April 1946 amptelik ontbind.

No 2 Veeartsenyhospitaal, Premiermyn, is in Februarie 1943 gestig. Tot op 8 Desember is 728 gevalle toegelaat. No 2 Veeartsenyhospitaal, Standerton, is in Desember na no 1 Dieretransportdepot by Premiermyn oorgeplaas. Behoefte aan beter geriewe het ontstaan en die hospitaal is uitgebrei. Die eerste bevelvoerder was kaptein D.E. Osbourn, gevolg deur luitenant J.G. Townsend. Die hospitaal was verantwoordelik vir siek diere in die Premiermyn omgewing en inenting teen perdesiekte en tetanus. Min aansteeklike siektes het hier voorgekom. Vanaf 8 Desember 1944 tot 25 Julie 1945 is 3 999 gevalle behandel. Op 10 November 1945 is die eenheid ontbind.

Bek- en klouseer het in Desember 1944 in Oos-Transvaal uitgebreek. Die beheer en uitwissing van die siekte is aan die SAVD opgedra. 'n Afdeling bestaande uit een offisier en 10 ander range het die taak aangepak, en 'n gebied van ongeveer 300 vk myl behandel. Teen Mei 1945 was die siekte onder beheer en die SAVD is in Junie onttrek.

Diens buite Suid-Afrika

Vroeg in Mei 1942 het die bevelvoerder van Vaalhartz-Remonteweidingsplaas opdrag van die Direkteur, Veeartseny- en Remontediens ontvang om 'n Paktransportkompanie te stig. Twee seksies muile is gevorm, naamlik 'n Dierekarseksie en 'n Pakdierseksie. Beide seksies is by Vaalhartz opgelei. Die bevel om vir aktiewe diens na Madagaskar te vertrek, het gekom voordat die opleiding voltooi was. Op 6 Augustus 1942 het die eenheid by Diego Suarez in Madagaskar aangekom. Die 308 diere is afgelaai en via Antisrane na Sakaramy, waar die 7de SA Brigade gestasioneer was, getrek. Die eenheid is vir diens aan die *Royal Army Service Crops* toegeken. Die Assistent-direkteur van *Supply and Transport, Fortress Command* het dadelik die motortransport met die Dierekarseksie vervang. Subseksies is gestig en na voorposisies gestuur waar verbindingslinies met die Hoofkwartier feitlik nie bestaan het nie. Die Pakdierseksie is vir soortgelyke doeleindes aangewend, maar slegs in gunstige weersomstandighede.

Die werksaamhede van die eenheid is deur 'n personeeltekort bemoeilik. Die subtropiese klimaat van Madagaskar het die diere nie veel aangetas nie. Ook het die swakverteerbare voedsel wat aan die diere weens gebrek aan rantsoene gevoer is, nie skadelike gevolge

gehad nie. Tydens die reënseisoen en siektetyd was die eenheid sonder 'n offisier-veearts. Loslopende perde en muile, asook die wat van die Franse gebuit is, is in 'n remonte-depot georganiseer. Gevangenes van die Franse personeel is opgelei en in transporteenhede georganiseer om die werk van die Paktransportkompanie met hulle vertrek oor te neem.

Die SA Brigade het Madagaskar teen die einde van 1942 verlaat. Die bevelvoerder van die paktransportkompanie is in beheer van dissipline op die eiland geplaas. Die eenheid het verdere opleiding op Madagaskar ondergaan, waarin veral lede van die *Cape Corps* uitgeblink het. In Junie 1943 het die eenheid met die *SS Naringa* na Durban teruggekeer.

Na hulle terugkeer, het hulle maandelank by Kafferskraal gewag om uitgeplaas te word. Op aanbeveling van die Adjunk-direkteur van Veeartseny- en Remontediens, is die eenheid op 1 November 1943 na die ou Remontekamp by Mooiplaas verskuif.

Die Aankopekommissie van die Indiese Leër het van die diere by Mooiplaas gekoop. In Desember 1943 is besluit om Mooiplaas te gebruik as 'n oorlêdepot vir diere bestem vir Indië. Diere wat nie onmiddellik verkoop kon word nie, het in hulle honderde per week aangekom. Twee addisionele kampe, Mooiplaas 69 en Skurweberg, onder beheer van die hoofkamp, is opgerig. Lede van die *Cape Corps* het die twee kampe beheer.

Perdesiekte het vanaf Maart tot Mei 1944 die lewens van 76 perde en muile geëis. Keratitis het ook voorgekom. Van die 448 gevalle wat behandel is, het slegs vyf diere blind geword. Nuwesiekte het voorgekom, maar nie ernstige afmetings aangeneem nie. Die diere is teen luise gedip.

Tydens die eenheid se verblyf op Mooiplaas, is 186 perde, 4 653 muile en 5 490 donkies, bestem vir die Indiese Leër, gehanteer. Verder is 920 trekperde en 47 typerde vir die UVM afgerig. Verkope van perde aan lede van die UVM en die publiek is ook behartig. Die paktransportkompanie is op 7 Julie 1945 ontbind en op 31 Augustus gesluit.

Verskaffing van diere aan Indië en Burma

Op versoek van die Indiese Regering is 'n Indiese Leërremontekommissie in 1942 in die Unie gestig. Luitenant-kolonel R. Matthews van die *Indian Army Remount Department* het in April 1942 in Pretoria aangekom om die eerste 1 000 muile vir die leërs in Indië en Burma aan te koop. Die Direktoraat, Veeartseny- en Remontediens het personeel vir die aankoperade verskaf. Behalwe muile, is donkies, ponies en perde, varke en vee aangekoop en verskeep.

No 1 Weidingsplaas, SAVD, by Vaalhartz, het vanaf 1942 tot 1946 bestaan. Diere bestem vir verskeping na Madagaskar (Paktransportkompanie) en Indië is hier gehou. Ook is voer en groente hier gekweek. Swaar verliese onder die diere is weens perdesiekte gely. In 1942 is 187 perde en muile dood of tot niet gemaak, in 1943 106, in 1944 98 en in 1945 (tot einde Mei) 124. Perde is die swaarste getref. Op 30 November 1945, met die ontbinding van die Indiese Remonte-aankopekommissie, het no 1 Weidingsplaas oorbodig geraak. Die depot is op 28 Februarie 1946 ontbind.

Die UVM het begeleidende geselskappe tussen Durban en Karachi verskaf. Altesaam 58 verskepings diere na Indië is gemaak, waarvan 56 deur die UVM vergesel is*. Die Indiese regering het die begeleidende geselskappe betaal. Die enigste ongevalle wat voorgekom het, was die verlies van die *SS Napura,* wat weens vyandelike aksie op 3 Maart 1943 gesink is. Onder die 90 personeellede wat omgekom het, was majoor A.M. Howie, assistent-direkteur, Veeartsenydiens**.

No 13 Diereverskepingsdepot, SAVD, Durban en Pinetown, is in 1943 vir die verskeping van diere na Indië gestig, om as subdepot van die Hoofremontedepot by Standerton te dien. Die subdepots is in 1946 gesluit.

Die aantal vrektes onder diere vir die Indiese regering (uitgesluit afgekeurde en tot-niet-gemaakte diere) het vanaf Mei 1942 tot 30 Oktober 1945 717 beloop. Perdesiekte het die grootste tol geëis, nl. 148 gevalle. In totaal is 38 151 diere na Indië verskeep. Hiervan was 22 016 muile, 10 022 donkies, 3 527 perde, 323 beeste, 2 259 varke, 3 angorabokke en 1 zebra.

Op 14 Februarie 1946 het veldmarkskalk sir Claude Auchinleck veldmarskalk Smuts per brief bedank vir die diens wat KMG onder generaal Mitchell-Baker in verband met versending van diere na Indië gelewer het.

In totaal is 2 327 muile en 6 486 perde tydens die duur van die oorlog aangekoop. Hiervan is 300 muile en 3 895 perde in Suid-Afrika verkoop en 1 527 muile en 851 perde aan ander regerings verkoop en verskeep. Van die muile is 435 in Suid-Afrika dood of vernietig en drie tydens aktiewe diens. In Suid-Afrika is 1 599 perde dood en een op aktiewe diens. Een muil en elf perde is verloor of afgeskryf. Aan die einde van die oorlog het 61 muile en 129 perde oorgebly.

Die Suid-Afrikaanse Veeartsenydiens is op 1 November 1946 ontbind.

Gedurende die tydperk September 1939 tot Mei 1946 is die volgende dekorasies en eervolle vermeldings deur lede van die SAVD verwerf:

Kaptein J.W.A. Brookes, MBE
Kaptein L.W. Rossiter, MBE
Luitenant J.P. Halberstadt, MBE
AO2 E.W.J. Hudson, BEM
Staf-sersant J. Hurst, BEM
Hoefsmid-sersant F.J. Bestbier, BEM
Sersant T.R.C. Worthington-Cooper, BEM
Hoefsmid-korporaal J.P. Meyer, BEM
Kaptein S.W. Findley, Eervolle vermelding
Korporaal G.E.C. Hare, Eervolle vermelding.

Kolonel R. Matthews van die Indiese Remonte-aankopekommissie het die OBE vir sy diens in Suid-Afrika verwerf.

*Drie skepe is hiervoor gebruik: die SS Napura, SS Naringa en die SS Gazala. Elke skip kon 700 tot 1 000 diere neem, met 'n veeartsoffisier, 25 onderoffisiere van die SAVD en 150 kleurlingtroepe. Die reis van Durban na Bombaai of Karachi en terug het bykans drie maande geneem. Die inskepingsdepot was langs Greenwoodpark, agter die Lion-vuurhoutjiefabriek te Durban, geleë.

